

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 19, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2019 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Hoe kan dit alles gratis wees?

Daar is twee van ons hulpbronne wat u waarskynlik nog nie teëgekomp het nie. Om eerlik te wees, ek dink nie ons het dit in jare aan die publiek geadverteer of in die tydskrif vermeld nie. Weet u wat dit is?

Daar is 'n rede waarom hierdie rubriek "Persoonlik" genoem word. As hoofredakteur gee dit my die geleentheid om met u te kommunikeer oor die dinge wat ek op die hart het en in hierdie uitgawe wil ek drie vrae beantwoord wat aan ons gevra word: "Wie is in beheer van die *Wêreld van Môre en Tomorrow's World* tydskrifte?" "Is dit regtig gratis?" en "Hoe kan u vir soveel televisie-uitsendings betaal en al u materiaal weggee sonder om geld te vra?"

Laat ek die tweede vraag eerste beantwoord. Ja, alles wat ons adverteer is regtig gratis – daar is geen voorwaardes aan verbonde nie en geen emosionele versoeke word gerig nie. Ons verkóop nie tydskrifte, boekies, DVD's of CD's nie en ons sal dit nooit doen nie. Ons *Bybelstudiekursus* van 24 lesse word gratis uitgestuur. Soos u waarskynlik al ander bedienings gesien doen het, smous ons nie met hemde, bekere, gebedslappies of enige ander artikels nie.

Die antwoord op die eerste vraag: "Wie is in beheer van die *Wêreld van Môre en Tomorrow's World* tydskrifte?", gee ook die antwoord op die

derde vraag. Die *Wêreld van Môre* en *Tomorrow's World* tydskrifte en die *Tomorrow's World* televisie-uitsendings word deur *Die Lewende Kerk van God* geborg, wat bestaan uit toegewyde lede wat daarna streef om "die hele raad van God" te beoefen, soos die apostel Paulus in Handeling 20:27 daarna verwys. Hierdie raad behels die Bybelse Wet aan-gaande tiendes (of "n tiende deel"). Die meeste van ons lede stuur getrou en vrywillig hulle tiendes en offergawes gedurende die jaar in. Ons neem nie eers kollekte op tydens ons weeklikse Sabbatsdienste nie!

Jesus het in Matthéüs 28:19-20 aan ons die opdrag gegee: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen". In Markus 16:15 beveel Hy duidelik: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom." Verder het Hy gesê ons sal suksesvol wees om hierdie opdrag voor Sy Wederkoms uit te voer: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot getuienis vir al die nasies; en dan sal

die einde kom” (Matthéüs 24:14).

Soos u goed weet, vra ons nooit donasies op die *Tomorrow's World* televisie-uitsendings nie, ook nie in ons tydskrif of in enige van ons leesstof nie. Medewerkers en lidmate van *Die Lewende Kerk van God* neem hierdie vermaning van Jesus ernstig op: “Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee” (Matthéüs 10:8) of soos Spreuke 23 vir ons sê: “Koop die waarheid en verkoop dit nie” (vers 23).

'n Ander benadering

Van die meer as 290,000 huidige intekenaars op *Tomorrow's World* en *Die Wêreld van Môre-tydskrifte* gee slegs ongeveer 15 uit elke 100 mense ooit 'n bydrae tot hierdie werk. Baie van hulle doen dit slegs een of twee keer oor 'n aantal jare. Ons is dankbaar vir almal wat bydra. Dit maak nie saak hoe gereeld nie en dit maak nie saak hoé baie of hoé min nie. Ons waardeer ook ons intekenaars wat om watter rede ookal nooit bydra nie. Ons adverteer dat ons literatuur gratis is en dit is werklik so. Dit mag u verbaas maar ons is só ernstig daarvoor dat wanneer ons literatuur kosteloos gestuur word, ons die *geld teruggee* wanneer die gewer uitdruklik sê dat hy of sy dit as “betaling” vir ons materiaal stuur. Dit geld vir al ons

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik –

Hoe kan dit alles gratis wees?

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Opkoms en

ondergang van nasies

3

Die geskiedenis is besaai met die verwoeste en stoflike oorblyfsels van eens magtige ryke wat nie meer bestaan nie. Kan die nasies van vandag die lesse leer wat hulle voorgangers geïgnoreer het.

Protesoptogte, 'n gespog en verkondiging van deugde

8

Die totstandkoming van moderne heidendom

10

Baie mense het gedink dat antieke natuur-godsdienste dood is en nie meer bestaan nie, maar dit is besig om regoor Westerse nasies te voorskyn te kom. Waarom gebeur dit en waarop dui dit?

Lees dit vir wat dit werklik sê

15

Kersfees – maak dit saak?

16

Kersfees is een van die gewildste vakansietye in die wêreld. Tog is min mense vertrouwd met die oorsprong daarvan en nog minder mense weet hoe God daarvoor dink.

Kan die wêreldwye Web gered word?

21

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Die werke van Sy hande

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre-tydskrif* het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre-tydskrif* word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die opkoms en ondergang van nasies

Deur Richard F. Ames

Die Chinese volk is weereens op pad na politieke en ekonomiese status as supermoondheid. Die eens groot Britse Ryk het verbrokkel en die Verenigde Koninkryk sal dalk nie eers "Brexit" oorleef nie. Vir bykans 6,000 jaar, van antieke Babilon tot ons moderne tyd, het die beskawing magtige nasies se ondergang gesien en hoe ander nasies opgang maak. Een finale, geprofeteerde ryk of supermoondheid gaan binnekort tot stand kom.

Gerald Weston, die Hoofredakteur van die *Wêreld van Môre*, het lesers in 2019 daaraan herinner dat die Verenigde State besig is om die einde van sy tyd as die wêreld se grootste supermoondheid te nader:

Die Verenigde State is steeds die toonaangewende wêreldmoondheid, maar sal dit nie vir altyd wees nie – so verbasend as wat dit vir baie Amerikaners mag klink. *Geen* ryk het vir altyd stand gehou nie. Ons kan ons voorstel dat die burgers van die vorige beskawings ook verwag het dat hulle regerings sou bly voortbestaan. Die "onoorwonne" stad Babilon met sy magtige

ryk het in een nag voor die Meders en Perse geval. Nie een van hulle het dit sien kom nie. Die Persiese Ryk het geval voor die waaghalsige verowerings van Alexander die Grote en sy Grieks-Macedoniese Ryk, wat later voor die opkomende mag van Rome geval het. Soos ons weet, het Rome se mag en oorheersing ook tot 'n einde gekom. Baie mense oor die hele wêreld heen beywer hulle vir Amerika se ondergang, maar weet nie wie die vakuum sal vul of wat die gevolge sal wees nie (*"Ons grootste hoop"*, *Wêreld van Môre*, Januarie-Februarie 2020).

Vir meer as 200 jaar was die Verenigde State 'n groot mag op die wêreldtoneel. In die jare sedert die val van die Sowjetunie en in die nadraai van die wêreldwye oorlog teen terreur, het ons die V.S. sien agteruitgaan terwyl ander wêreldmagte al hoe meer politieke, ekonomiese en militêre mag uitoefen.

Ons behoort nie verbaas te wees nie. Die ryke van die verlede wat oor die wêreld geheers het,

bestaan nie meer nie. Die groot Babiloniese Ryk het byvoorbeeld baie nasies verower, wat die koninkryk van Juda insluit. Die antieke Griekse geskiedkundige Herodotus het geskryf: "Benevens die enorme grootte van Babilon oortref dit ook enige stad in die bekende wêreld wat sy prag betref" (*Histories*, 1,178).

Wat het met Babilon gebeur? Hulle sedeloosheid het tot die oordeel van God gelei. Terwyl ons die toenemende verwerping van die God van die Bybel rondom ons sien posvat, kan ons self enigiets anders verwag? Die filosoof Georg Hegel het die bekende opmerking gemaak: "Wat ervaring en die geskiedenis ons leer, is dat mense en regerings nooit enigiets uit die geskiedenis geleer het of hulle handelswyse volgens die beginsels wat daaruit afgelei word, verander het nie" (*The Philosophy of History*, 1857, bl. 6).

Wat kan ons uit die verlede leer? Wat sê die Bybel vir ons met betrekking tot die toekoms? Die profeet Daniël het die opkoms en ondergang van groot ryke voorspel, met inbegrip van die Romeinse Ryk. Wat het met daardie ryk gebeur? Dit het vir meer as 500 jaar ná die Romeinse Republiek voortgeduur. Selfs daardie magtige ryk het egter sy eerste inkarnasie in 476 n.C. sien ontbind.

Moderne ryke het ook gekom en gegaan. In die 20ste eeu het die Duitse “Derde Reich” sy bewind oor 'n groot deel van Europa en Noord-Afrika uitgebrei. Adolf Hitler se ambisies sluit die verowering van die Sowjetunie in, maar hy het nie daarin geslaag nie. Geallieerde leërs het die Derde Reich verslaan. Die Sowjetunie, oftewel die Unie van Sowjet-Sosialistiese Republieke, het uit 15 republieke bestaan wat oor 11,000 kilometer van oos na wes gestrek het. Hierdie supermoondheid was baie trots op sy kommunistiese lewensbeskouing. Dit het geveg vir die harte van nasies en volke regoor die wêreld – maar uiteindelik het dit ook misluk.

Die ondergang van nasies is geprofeteer

Wie sou die ondergang van so 'n groot supermoondheid kon voorspel? U mag dalk verbaas wees om te hoor dat 'n klein groepie Christene wat geïnspireer was om die waarheid te verstaan wat in die Bybel geopenbaar is, die hele tyd besef het dat Oos-Europa uiteindelik uit die greep van die Sowjetunie sou loskom. Hoe het hulle dit geweet? Bybelprofesie voorspel die opkoms van nog 'n groot supermoondheid, wat die “dier” in die boek Openbaring genoem word. Meer as 65 jaar gelede het die *Good News*-tydskrif, wat deur Herbert W. Armstrong gepubliseer was, met vrymoedigheid verklaar dat Oos-Duitsland weer by Wes-Duitsland sou aansluit en dat Rusland “gedwing sal word om afstand te doen van haar beheer

oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en dele van Oostenryk” (“*Will German Rearmament Stop Russia?*,” *The Good News*, April 1952).

Kort na Rusland se inval in Hongarye in 1956, toe baie “kundiges” geglo het dat die “Ystergordyn” vir altyd oor Oos-Europa gesak het, het die tydskrif *The Plain Truth* hierdie ongehooflike stelling gemaak: “Die weg word voorberei vir 'n reuse derde mag in die wêreldpolitiek – 'n Europese Federasie van Nasies wat magtiger sal wees as Rusland of die Verenigde State! ... Ons het jare vooruit daarop gewys wat met Rusland se rampspoedige ryk in Oos-Europa sou gebeur” (“*Foretold 22 Years Ago!*,” Desember 1956).

Selfs honderd jaar gelede het mense nog steeds gesê dat “die son nooit sal ondergaan oor die Britse Ryk nie”. Binne 'n eeu het daardie groot ryk egter verbrokkel. Na 'n finale vlag van uitbreidings onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog, het 'n proses van *dekolonisasie* begin en teen 1960 het die Britte die grondgebiede prysgegee wat vandag Indië, Pakistan, Burma [nou Myanmar], Sri Lanka, Irak, Ghana, Nigerië en Somalië uitmaak, sowel as 'n groot deel van Afrika, suid van die Sahara die Palestynse Mandaat, dele van Egipte, Soedan en Hongkong. Vir een of twee geslagte daarna het Brittanje 'n mate van sy eertydse glorie as 'n lid van die Europese Unie herwin. Selfs dié poging het misluk toe hulle hulleself met “Brexit” opgesaal het nadat Britse kiesers hulle EU-lidmaatskap verwerp

het.

Die V.S. president Donald Trump het 'n veldtog begin onder die slagspreuk “Maak Amerika weer groot”. Sal hy slaag of sal die V.S. 'n agteruitgang ervaar soos dié van Groot-Brittanje, Griekeland en Rome? U kan te wete kom watter lande of ryke in die 21ste eeu opgang sal maak of sal ondergaan. Bybelprofesie openbaar die toekoms van die Westerse nasies, *indien u die sleutel het* om die moderne nasate van antieke Bybelse nasies na te speur.

Onthou of herhaal?

Die woorde van die befaamde filosoof George Santayana herinner ons, “Diegene wat die verlede nie kan onthou nie, is gedoem om dit te herhaal” (*The Life of Reason: Reason in Common Sense*, 1905, bl. 103). Sal ons in die Westerse wêreld die lesse uit die geskiedenis leer of sal ons die patroon van alle groot koninkryke en ryke volg wat voor ons gekom en gegaan het?

Koning Bélsasar van Babilon was 'n magtige heerser wat die lesse uit die geskiedenis moes leer. Hy het egter daarop aangedring om sy eie goddelose lewenswyse te handhaaf en het ander mense tot losbandigheid gelei. Sy ryk het die prys betaal. Daardie diepgaande les is opgeteken in die bladsye van die geskiedenis asook in die bladsye van u Bybel. Die profeet Daniël was in die stad Babilon gedurende die nag toe die Persiese leër dit verower het. God het deur Daniël aan Bélsasar vertel wat met hom en sy ryk gaan gebeur. Daardie

verstommende opeenvolging van gebeure is in hoofstuk 5 van die boek Daniël opgeteken. Koning Bêlsasar het 'n fees – 'n groot partytjie – vir die adel voorberei. Hulle het wyn uit goue bekere gedrink wat uit die tempel van God in Jerusalem geplunder is. “Op dieselfde oomblik het daar vingers van 'n mens se hand te voorskyn gekom en teenoor die kandelaar op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskrywe, en die koning het die deel van die hand gesien wat geskrywe het. Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan” (Daniël 5:5-6).

Die koning het Daniël versoek om dit wat op die muur geskryf is, uit te lê. Wat het die geheim-sinnige hand geskryf? “En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín. Dit is die uitleg van die woord: Mené – God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak; tekél – u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; peres – u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee” (Daniël 5:25-28). “In dieselfde nag is Bêlsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood. En Darius, die Meder, was twee-en-sestig jaar oud toe hy die koningskap ontvang het” (Daniël 5:30; 6:1).

Vandag is die skrif aan die muur vir die Verenigde State en Groot-Brittanje. Die waarskuwingstekens is oral rondom ons namate ons nasies meer verval en sedeloos raak. Indien ons in die Westerse wêreld

voortgaan om die Tien Gebooe en die Woord van God, die Bybel, te ignoreer, te verag en te verwerp, sal ons meer rampe in die gesig staar – totdat ons uiteindelik beseef dit is nodig om God met ons hele hart te soek! Die profeet Jesaja gee aan ons hierdie vermaning, bemoediging en belofte: “Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jesaja 55:6-7).

Ons moet nou tot geestelike aksie oorgaan! Sommige mense sal natuurlik skepties bly. Diegene wat God egter deur Sy Woord soek, kan begrip en gemoedsrus hê.

'n Les van lank gelede

Ons het die opgang van groot ryke gesien, sowel as hulle verval en ondergang. Sal die Westerse lande die lesse uit die geskiedenis leer? Koning Bêlsasar het die lesse van sy voorvader, koning Nebukadnésar, wat oor die Babiloniese ryk regeer het geïgnoreer. Daniël het Bêlsasar herinner aan die lesse wat hy moes geleer het:

“Wat u betref, o koning, die allerhoogste God het aan u vader [voorvader] Nebukadnésar die koningskap en grootheid en heerlikheid en majesteit gegee. En vanweë die grootheid wat Hy hom gegee het, het al

die volke, nasies en tale gebewe en vir hom gesidder; wie hy wou, het hy gedood, en wie hy wou, het hy laat lewe, en wie hy wou, het hy verhoog, en wie hy wou, het hy verneder. Maar net toe sy hart hom verhef het en sy gees verhard is om oormoedig te wees, is hy van die troon van sy koningskap afgestoot, en die heerlikheid is hom ontnem. En hy is uit die mense verstoot, en sy hart het soos dié van diere geword, en hy het saam met die wilde-esels gewoon; hulle het hom plante laat eet soos die beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak totdat hy erken het dat die allerhoogste God mag het oor die koningskap van die mens en daarvoor kan aanstel wie Hy wil” (Daniël 5:18-21).

Nebukadnésar het probeer regeer sonder om God te erken en daarom het hy geweldig gely! Bêlsasar het egter hierdie les geïgnoreer en moes die prys betaal (Daniël 5:22). Moet ons ook lesse op die moeilike manier leer of sal ons aandag gee aan God en Sy Woord, die Bybel?

Nadat Nebukadnésar 'n droom gehad het wat nie een van sy raadgevers kon uitleg, het Daniël nie net die inhoud van sy droom aan die koning vertel nie, maar ook die uitleg daarvan gegee: “U, o koning, het 'n gesig

gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei” (Daniël 2:31-33).

Daniël het vir die koning gesê wat die droom beteken. “U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinderen, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het – ú is die hoof van goud” (verse 37-38).

Hier het God openbaar dat Hy, die Skepper van die heelal, mag en outoriteit gegee het aan die “hoof van goud” – Nebukadnésar en sy koninkryk. Die droom het egter die einde van Nebukadnésar se koninkryk en die vestiging van ander koninkryke ná syne voorspel: “En ná u sal daar 'n ander koninkryk ontstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis” (verse 39-40).

Watter ryke word in hierdie droom beskryf? Gerespekteerde

Bybelgeleerdes stem vandag saam oor hulle identiteit. Die hoof van goud het die Babiloniese Ryk van 625 v.C. tot 539 v.C. voorgestel. Hierdie ryk is deur die Medo-Persiese Ryk van 558 v.C. tot 330 v.C. vervang, wat voorgestel was deur die bors en arms van silwer. Die buik en dye van brons dui op die Grieks-Macedoniese Ryk van Alexander die Grote van 333 v.C. tot 31 v.C. Die twee bene van yster dui op die Romeinse Ryk van 31 v.C. tot 476 n.C.

'n Toekomstige herlewing

Ten slotte verteenwoordig die tien tone aan die twee voete van yster, wat met keramiekklei gemeng is, 'n toekomstige herlewing van die Romeinse Ryk. Die moderne stigters van die Europese Unie het die Romeinse Ryk doelbewus as 'n model beskou en selfs die huidige V.K. premier Boris Johnson, wat in die klassieke letterkunde van antieke Rome en Griekeland onderrig is, het die beste eienskappe van die Romeinse Ryk in sy boek, *The Dream of Rome*, lof toegeswaai. Soos een resensent dit gestel het: “Boris Johnson het tot die slotsom gekom dat die probleem met die Europese Unie is dat dit nie meer soos die Romeinse Ryk is nie” (*“Empire building”*, *The Guardian*, 4 Februarie 2006).

Nebukadnésar se droom het openbaar dat selfs die herleefde Romeinse Ryk tydelik sou wees. Dit sal vervang word deur wat ons 'n vyfde Koninkryk kan noem – die Koninkryk van God. “U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat

die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het” (Daniël 2:34-35).

Wat is die klip wat die beeld getref het? “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (vers 44).

Kan 'n nasie berou hê?

Dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld was samelewings wat bereid was om hulle van hulle bose weë te bekeer, uiters skaars. Ninevé, die hoofstad van antieke Assirië, was een van hierdie min samelewings en het God se oordeel inderwaarheid uitgestel. Die profeet Jona het met die waarskuwing van God na die burgers van Ninevé gekom: “En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en het gepreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes. En die manne van Ninevé het God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad beklee. En toe die berig die koning van Ninevé bereik, het hy opgestaan van sy troon en sy

mantel afgehaal en in rougewaad gehuld in die as gaan sit” (Jona 3:4-6). Kan u uself voorstel dat enige van die wêreldleiers van vandag hulleself voor God sal verootmoedig?

Die Assiriërs het op Jona se waarskuwing gereageer. Hulle het hulle van hulle bose weë bekeer en God het hulle gespaar. Dit het in die agtste eeu v.C. gebeur. God het Ninevé vir baie jare gespaar en het selfs die nasie gebruik om antieke Israel te straf en sy mense in ballingskap te neem. Nadat Assirië die “Noordelike Koninkryk” – Israel – verower het, het daardie koninkryk in die geskiedenis verlore geraak en sy volke het bekend geword as die “verlore tien stamme”.

Die profeet Jesaja boekstaaf God se voorneme om Assirië te gebruik om Israel te straf. Jesaja haal God aan waar Hy sê: “Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate. Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie” (Jesaja 10:5-7).

God het die Koninkryk van Israel gewaarsku om hulle te bekeer, maar die mense het geweier. As gevolg hiervan het die Assiriërs die tien stamme van die Huis van Israel verower en die ballinge na Assirië weggevoer.

Israel se finale ballingskap het omstreeks in 721 v.C. plaasgevind.

Uiteindelik was die vryskelding van Assirië egter so tydelik soos hulle gesindheid van berou. Die geskiedenis getuig van die wreedheid van dié nasie en in 612 v.C. het God die Meders toegelaat om Ninevé te vernietig.


God het ook Sy waarskuwings aan die koninkryk van Juda gerig, maar daardie nasie het ook in hulle sondes volhard. God het dus die koninkryk van Babel onder koning Nebukadnésar gebruik om die huis van Juda te straf. Die meerderheid Jode is oor 'n tydperk van twee dekades na Babilon weggevoer, wat geëindig het met die vernietiging van Jerusalem in 586 v.C. As jong manne is Daniël en drie van sy vriende in ballingskap weggevoer en is later opgelei in die kultuur en literatuur van Babilon. Daardie jong manne het volhard in die goddelike waardes wat hulle in Juda geleer het en God kon Daniël gebruik om die droom van Nebukadnésar uit te lê en die goeie nuus bekend te maak van 'n toekomstige Koninkryk wat vir ewig sal bestaan!

Sal u berou hê?

Selfs as u volk nie ag slaan op die Woord van God nie, kan u individueel geseën word indien u leef en handel volgens God se geopenbaarde Waarheid wat die toekoms van die nasies openbaar wat uit die tien verlore stamme afstam – waaronder die V.S., Groot-Brittanje, die nasies van Britse afkoms en baie van die

volke van Noordwes Europa. Om meer te wete te kom oor die opkoms en ondergang van die nasies wat afkomstig is uit antieke Israel, kontak die streekkantoor die naaste aan u ('n lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif) om 'n gratis eksemplaar aan te vra van ons insiggewende boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?* Dit openbaar uit u Bybel en die geskiedenis, die oorsprong van ons Westerse nasies. Bybelprofesie openbaar wat geskiedkundiges, wêreldleiers en politieke ontleders nie weet nie!

Soos gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* weet, baie van Bybelprofesie is “tweeledig” – daar is 'n eindtydse vervulling wat soortgelyk aan 'n antieke vervulling is. Profesie wys inderdaad dat die eindtydse nakomelinge van Assirië, die nageslag van die koninkryk van Israel – die tien verlore stamme – sal straf. Sal u gereed wees wanneer dit gebeur? Ken u die tekens waarna u behoort op te let? Gaan voort om die *Wêreld van Môre* te lees en u Bybel te bestudeer en u sal in die lig van Bybelse profesie wêreldgebeure verstaan.

Of die Westerse nasies die lesse uit die geskiedenis leer of nie, u en ek *kan* ons persoonlik bekeer en ons *behoort* dit te doen. Die dag van God se oordeel oor die verdorwe weë van die mensdom kom vinnig nader. Die nasies en individue wat hulle tot God wend, sal geseën word. Moenie wag totdat u nasie verander nie. Dit is nou die tyd dat u God met u hele hart soek! 

O Kanada

Protesoptogte, 'n gespog en verkondiging van deugde

Deur Michael Heykoop

Sou dit nie wonderlik wees as u aan die wêreld kon demonstreer watter fan-tastiese mens u is deur net op sosiale media te plaas waar u eet of nie eet nie?

Gegewe die huidige stand van polarisasie in ons samelewing, behoort dit nie 'n verrassing te wees dat iets so eenvoudig soos die opening van 'n kitskosrestaurant, nie net iets kontroversieel en nuuswaardig geword het vir belangrike hoofopskrifte nie. Dit is egter ook een van die vinnigste maniere om mense se merkwaardige voorbeeld van “moderne deugde” met die wêreld te deel.

Op 6 September het *Chick-fil-A* sy eerste tak in Toronto geopen. Soos dikwels gebeur wanneer gewilde Amerikaanse kettingwinkels dit na die noorde waag in 'n poging om die Kanadese verbruikersmark te betree, is *Chick-fil-A* verwelkom deur lang rye gretige kliënte. Baie liefhebbers van braaihoenders het twaalf ure lank tou gestaan om die nuutste toetrede tot die voedselbedryf in Toronto te beproef.

Nie almal het dit egter so verwelkom nie. Die openingsgeleentheid is ook deur betogers begroet wat 'n verskeidenheid griewe geopper het en klante toegesing het met uitroepe van “Skande, skande!” Die betogers het hulle veragting uitgespreek teenoor die V.S. hoenderspesialiste en beweer dat daar verskeie redes vir hulle griewe is. Een van die toonaangewende

organiseerders was die Toronto-gebaseerde aktivistegroep met die naam “*The 519*”. Jaymie Sampa, die 519 se bestuurder van inisiatiewe teen geweld, het gesê: “In 'n tyd wat ons 'n toenemende wêreldneiging na en retoriek oor haatgedrewe waardes het, gaan hierdie betoging om standpunt daarteen in te neem” (“*Grand Opening of Toronto Chick-fil-A generates both excitement and anger*”, *GlobalNews.ca*, 5 September 2019). Die 519 se betrokkenheid is in reaksie op die verklarings van die Cathy-familie, die eienaars van die pluimvee-reus, oor hulle ondersteuning van die tradisionele gesinseenheid, wat gebaseer is op die huwelik van een man met een vrou. Diereregte aktiviste het aan die betogings deelgeneem en sommige mense het selfs probeer om die opening as “anti-inheems” te beskryf (“*LGBTQ2, animal rights protesters overshadow grand opening of Chick-Fil-A in Toronto*”, *GlobalNews.ca*, 6 September 2019).

Die toename in morele pronkery Buiten die uiterste morele verwarring by sulke betogers, is dit die breër verskynsel waaraan gerus aandag gegee kan word, wat by sulke gebeure ten toon gestel word. Sulke voorvalle van uitermatige openbare protes teen kleinhandelaars en ondernemings – vertonerig en met 'n houding van morele veroordeling, maar wat tog op die ou

einde min tot selfs niks bereik nie – is duidelik besig om toe te neem. In 'n tyd waarin mense foto's van hulle maaltye op Instagram plaas en elke daad op Facebook en Twitter bekend maak, het alledaagse keuses soos waar om 'n hoender-toebroodjie of 'n sweetpak te koop, geleentheid geword om mense se meerderwaardige morele status te openbaar.

Polarisasie verbrokkel ons samelewing, met sosiale media wat as die opstoker dien. Gedurende 'n tyd waarin dit nog nooit so maklik was om uit te vind wat enigiemand se sienswyse is nie, kan 'n enkele twiet “uitlating” dat iemand polities aan die verkeerde kant van 'n saak is, lei tot onmiddellike oproepe vir 'n boikot. Sedert die V.S. president Donald Trump sy planne aangekondig het om 'n fondsinsamelings-geleentheid in Beverly Hills by te woon, het die akteur Eric McCormack, wat in Toronto gebore is, “op Twitter by die *Hollywood Reporter* gepleit om 'vriendelik verslag te lewer oor almal wat hierdie geleentheid bywoon, sodat die res van ons duidelikheid kan kry oor met wie ons nie wil saamwerk nie” (“*Will & Grace stars backtrack calls to out and boycott Trump backers in Hollywood*,” *Washington Examiner.com*, 4 September

2019). Terwyl McCormack dit later ontken het, omdat die bewerings dat hy 'n “swartlys” in die McCarthyistiese styl bepleit, kom hierdie soort aanval al hoe meer voor. Sulke gedrag word aan albei kante van die politieke spektrum gevind. Hoeveel politieke konserwatiewes in die Verenigde State het toe die korporasie die omstrede voetballer Colin Kaepernick gekies het om Nike se handelsmerk te bevorder, nie in hulle openbare verklarings getwiet dat hulle nooit weer 'n Nike-skoen sou koop nie?

Die versoeking om sosiale media te gebruik vir so 'n openbare gepronk is duidelik. “In 'n wêreld waar elke persoon 'n een-man/een-vrou Publieke Verhoudings departement op sosiale media-platforms soos Facebook, Instagram en Twitter is, word 'morele pronkery' – beledigende uitlatings op sosiale media wat nie met dade gepaard gaan nie – gerieflik en kosteloos” (“*When Do Consumer Boycotts Work?*” *NYTimes.com*, 7 Februarie 2017). Dit kos niks, maar toon tog aan die wêreld wat 'n deugsame mens u is en simboliseer doeltreffend waaraan ons samelewing vandag waarde heg.

Die gevaar van 'n lugspieëling

Wat is die gevaar van sulke deugde-verkondiging en morele pronkery? Die gevaar van enige lugspieëling is nie die gewaande teenwoordigheid van iets wat nie regtig daar is nie – dit is die risiko om van 'n logiese handelswyse af te wyk in die najaging van die lugspieëling. Om 'n oase in die woestyn te sien wat slegs 'n hersenskim is, is op sigself nie vernietigend nie. Indien 'n mens

egter die lugspieëling as die werklikheid sien, kan dit veroorsaak dat 'n mens die waarheid misloop.

Die werklike gevaar van sulke deug-seine en sosiale media-aktiwisme is dat dit ons subtiel in die versoeking lei om te glo dat die deug bepaal word deur watter hoendertoebroodjie ons verkies, in plaas van die veel moeiliker taak om 'n lewe van eerlikheid, integriteit en karakter na te streef. Wanneer ons fokus op watter restaurante, klere-winkels of sportspanne ons behoort te vermy, sal die gewigtiger sake van karakter waarskynlik vergeet word.

Nie so lank gelede nie, was die volgende verstandige advies gewild onder hoërskool raadgevers: “Kies jou vriende volgens hulle karakter en jou sokkies volgens hulle kleur. Die keuse van jou sokkies volgens hulle karakter maak nie sin nie en jou vriende volgens hulle kleur is ondenkbaar”. Dit wil voorkom asof ons deesdae aangemoedig word om ons sokkies te kies volgens die karakter van die ontwerper, die vervaardiger, die handelaar, die advertensie-maatskappy en enigiemand anders wat moontlik met die sokkies geassosieer kan word voordat dit by ons voete uitkom.

Daar is natuurlik niks inherent daarmee verkeerd om mense in te lig oor waarom u 'n besigheid ondersteun of nie ondersteun nie. Ons behoort egter sulke standpunte of optredes op 'n gebalanseerde manier te oordink en te ondersoek wat dit verteenwoordig of nie verteenwoordig nie. Ons behoort te verstaan dat deur 'n sekere hoendertoebroodjie-onderneming te vermy of te ondersteun, baie min oor die betogers en ondersteuners se eie morele waardes sê. 'n Twiet sê dikwels baie oor

wat ons wil hê ander mense sal dink wie ons is, maar in werklikheid sê dit min oor wie ons regtig is. Dit hou ook die gevaar in dat ons verward oor onself en ons eie morele status raak, aangesien ons mislei word deur ons eie openbare pogings met betrekking tot publieke verhoudings.

'n Antieke vergelyking

Alhoewel die deugde-verkondiging in ons huidige tyd tot nuwe uiterstes geneem word, is die konsep self niks nuuts nie. Jesus het die godsdienstige leiers van Sy tyd dikwels bestraf vir optredes wat verband hou met die morele pronkery wat vandag so hoogty vier. In Mattheüs 23:27-28 is daar 'n vlymskerp veroordeling van sulke gedrag: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtheid.” God is nie beïndruk met uiterlike vertoon van morele meerderwaardigheid nie en ons behoort ook nie te wees nie.

Die profeet Miga het die deugde beskryf wat God in ons wil vind: “Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?” (Miga 6:8).

Om te leer hoe die Tien Gebooie van Exodus 20 ingestel is met die bedoeling om hierdie drie wonderlike karaktertrekke aan die mensdom te leer en nog baie meer, maak seker dat u ons gratis boekie *Die Tien Gebooie* lees. [W&M](#)

Die totstandkoming van moderne heidendom

Deur Douglas S. Winnail

*Wat is die dryfkrag agter hierdie wêreldwye neiging? Waarheen lei dit?
Wat beteken dit vir u?*

Die een-en-twintigste eeu het merkwaardige geskiedkundige gebeure beleef – die vooruitgang van Rusland na die ondergang van die USSR, die herlewing van militante Islam, die opgang van China, die verbroekeling van die Europese Unie en die immer toenemende verdeeldheid in die Verenigde State. Een van die verbasendste gebeure was egter die *heropkoms* van antieke heidense idees en tradisies in Westerse lande wat eens as “Christelik” beskou was.

As deel van hierdie wêreldwye neiging, het Ysland sy eerste tempel in meer as 1,000 jaar gebou om die ou Nordiese gode, Thor en Odin te aanbid. In Engeland kom duisende mense by *Stonehenge* bymekaar met die somersonstilstand om die opkomende son te groet net soos die ou antieke heidene dit gedoen het. In Edinburgh, Skotland, vermaak kunstenaars wat soos rooi duiwels geverf is, skares mense om die antieke Keltiese Vuurfeeste van Beltane en Samhain te vier. Baie mense kom weer op antieke V.K. terreine bymekaar om 'n strooiman te verbrand – soos die Druïdes [Keltiese priesters] dit eens gedoen het. In Amerika reis duisende mense na *Burning Man*-feeste wat voorsiening maak vir ongebonde gedrag wat ooreenstem met ou heidense gebruike.

In Griekeland bevorder die Helleniste die aanbidding van die antieke gode Zeus, Apollo en

Athena, terwyl kinders in die Getty Museum in Los Angeles gebede skryf aan Aphrodite of Venus, die Grieks-Romeinse godin van liefde en wellus asook beskermer-godin van prostitute. In Oos-Europa vier mense antieke seremonies in verband met vrugbaarheid deur rond te dans en oor vuur te spring – gewoontes uit 'n voor-Christelike verlede. In Rusland neem kerkleiers met kommer kennis van die toenemende belangstelling in heidense tradisies. In Amerika is die godsdienste wat die vinnigste groei hekserie en standbeelde wat satanisme bevorder verskyn op openbare gronde. Die V.S. Lugmagakademie het selfs 'n heidense kapelgebou.

Waarom sou die terugkeer van die heidendom vandag van belang wees vir progressiewe Westerse lande waar verdraagsaamheid, aanvaarding en diversiteit bevorder en gevier word? Is daar 'n grootliks onherkenbare betekenis aan die dramatiese veranderinge wat plaasvind? Ignoreer ons belangrike lesse uit die geskiedenis? Indien wel, watter gevolge wag daar op ons in die dae wat voorlê? Waarom behoort u besorg te wees?

Die heidense wêreldbeskouing

Om die belangrikheid van wat aan die gang is te begryp, is dit nodig dat ons die idees en praktyke wat die heidense wêreld insypel verstaan en hoe dit verskil van die Judeo-

Christelike tradisie. Die term *heidens* is aanvanklik gebruik om iemand te beskryf wat nie in die God van die Bybel geglo het óf nie Bybelse riglyne gevolg het nie. Die deur-en-deur heidense Grieks-Romeinse wêreld wat oorgegee was aan afgodery en die aanneming van gode en praktyke van ander godsdienste asof dit uitruilbaar is, is 'n eertydse voorbeeld hiervan. Sulke konsepte en praktyke was heeltemal in teenstelling met die invloed van Bybelse Godsdienste. Die Grieke en Romeine was 'n mengsel van politeïste wat baie gode en godinne aanbid het, panteïste wat geglo het dat “god” oral in die natuur is, wat ons vandag *ateïste* noem wie glad geen god aanbid nie. Sulke heidene het geen kennis van die God van die Bybel gehad nie (vergelyk Handeling 17:23). Die idee van een ware, persoonlike God was oor die algemeen vreemd vir hulle.

In die Grieks-Romeinse heidendom was daar min vaste geloofsbelydenisse. Die waarheid was relatief – daar was baie min begrip van absolute reg en verkeerd en geen werklike konsep van sonde, skuld of oordeel nie. Elke persoon het self oor sy of haar lewenspad besluit. Heidene het hoofsaaklik op die aardse lewe gefokus, die bevrediging van fisiese begeertes en die najaag van persoonlike geluk. Terwyl dit bedrieglik aantreklik en subtiel mag wees wat sommige van die foute betref, verg dit nie veel navorsing om te sien dat die

algehele heidense benadering totaal en al vreemd is aan wat die Bybel openbaar nie.

Anders as die God van die Skrif, was die gode van die Griekse godewêreld byvoorbeeld 'n klomp losbandiges. Mites is gevul met verhale oor hulle wellus, afguns, moord en ander gruwelike dade. Openlike seksualiteit en liederlikhede het baie heidense seremonies gekenmerk – veral die lente- en middelsomer se feeste van vrugbaarheid. Die aanbidding van Aphrodite het besoeke aan tempelprostitute ingesluit wat inkomste vir die tempel verdien het en wat deur die Bybel veroordeel word (Levítikus 19:29; Deuteronómium 23:17). In die Grieks-Romeinse samelewing was hoerery, homoseksualiteit en die seksuele mishandeling van kinders, wat deur Plato bepleit en deur die Spartane beoefen was, algemeen en aanvaarbaar. Kuns wat ons pornografie sou noem, was oral. Die Romeinse baddens, herberge en drinkplekke was plekke om enige vorm van fisiese begeerte te bevredig. Een rede waarom die heidene die Bybelse Godsdienst as 'n bedreiging beskou het, was omdat hulle gevrees het dat die Bybel se leerstelling oor seks “hulle pret sou bederf” (Steven Smith, *Pagans & Christians in the City*, bl. xiii).

Die Bybel leer ons dat kinders 'n geskenk van God is (Psalm 127:3-5) en dat hulle kosbaar in Sy oë is (Matthéüs 19:13-15). In die antieke heidense wêreld was kindermoord egter algemeen. Aristoteles was 'n voorstander daarvan om kinders vir bevolkingsbeheer dood te maak en om van misvormde babas ontslae te raak. In die geskiedenis word daarvan melding gemaak dat 'n Romeinse burger sy vrou kon

beveel dat indien sy 'n kind sou hê terwyl hy weg was, sy dit moes hou as dit 'n seun was, maar dit moes doodmaak as dit 'n meisie was (Ken Spiro, *WorldPerfect*, bl. 6-7). Die heidene van antieke Kanaän en Carthago het babas lewendig verbrand as offers aan die afgod Baäl, met die hoop dat hulle reën of veilige reise in ruil daarvoor sou ontvang – 'n praktyk wat die Skrif duidelik veroordeel (Levítikus 18:21; Deuteronómium 18:10). Die Bybel sê ook dat mense na die beeld van God geskape is (Génesis 1:26-27) en om mekaar nie dood te maak nie (Exodus 20:13). In die heidense wêreld het die menslike lewe egter weinig waarde gehad. Die Romeine het nie net op die slagveld doodgemaak nie, maar ook op groot skaal *vir vermaak*. Duisende mense is in arenas wat regoor die ryk versprei was gedood terwyl skares gejuig het.

Waarom is 'n begrip van antieke heidense idees en tradisies vandag vir ons *tersaaklik*?

Die terugkeer van die heidendom

Gedurende die afgelope jare was daar 'n toenemende besef dat die verspreiding van Christelike idees in die Weste en algemene respek vir die Bybel, nie die heidendom uitgeskakel het nie. Baie antieke idees het eenvoudig in die geheim voortgegaan en het begin om weer in vandag se gunstiger klimaat te voorskyn te kom. Europa en Amerika het die afgelope paar eeue toenemend wêrelds geraak namate voor-Christelike idees en tradisies meer aanvaarbaar geraak het. Dit kom voor asof die Westerse lande, wat voorheen as “Christelik” beskou was, midde in 'n “heidense herlewing” is, soos wat dit in Desember 2018 in 'n

New York Times-artikel met die titel “*The Return of Paganism*” opgemerk is. Baie konsepte wat as “progressief” in ons moderne samelewing beskou word, vorm eintlik deel van die *herlewing* van heidense idees wat lynreg teenoor die leer van die Bybelse Christendom staan en *daardie idees het gevolge*.

Algemeen aanvaarde idees van vandag – dat God nie bestaan nie, dat die Bybel nie Goddelik geïnspireerd is nie, dat alle godsdienste ewe geldig is, dat absolute waardes van reg en verkeerd nie bestaan nie en dat daar nie iets soos sonde bestaan nie – was almal deur antieke heidense filosowe verkondig. Net soos wat owerspel, hoerery, homoseksualiteit, pornografie en kindermoord verskoon was en wyd in die antieke heidense wêreld beoefen was, word hierdie aktiwiteite tans toenemend algemeen en word dit selfs vandag gevier. Die “wêreldse humanisme” wat die moderne samelewing oorheers, is in baie gevalle 'n dekmantel vir “neo-heidendom” wat homself in ons een-en-twintigste-eeu se kultuur laat geld. Wanneer daar op Google gesoek word na die term “moderne heidendom” of “hedendaagse heidendom” vind ons 'n verbasende vlak van belangstelling om antieke, heidense praktyke weer prominent te maak. Hoe kon die anti-Christelike waardes en idees van die heidendom egter die Judeo-Christelike waardes *vervang*? Dit het dan gelyk of dit vir so lank stewig in die kultuur van die Westerse beskawing verweef was?

Saad lank gelede gesaai

Die vrugbare grond vir die agteruitgang van die Christelike invloed en die terugkeer van die heidendom, was in werklikheid reeds voorberei gedurende die

vroeë eeue van die Christendom. Namate die Kerk oor die hele Mediterreense streek gegroei en versprei het, het dit met baie heidense idees en praktyke in aanraking gekom waarmee sommige mense nie weggedoen het nie, maar eerder in hulle leerstellings *aangeneem en opgeneem* het. Hierdie gebruike was baie gewild en afvallige kerkleiers het geredeneer dat die integrasie daarvan, dit vir heidene makliker sou maak om hulleself tot hierdie nuwe godsdiens te bekeer. Die Bybelse Sabbat wat deur Jesus, die Apostels en vroeë Christene onderhou is, (Lukas 4:16; Handeling 13:14, 42-44; 17:1-2) is prysgegee ten gunste van Sondag, 'n dag wat reeds deur heidene erken was en wat, soos Keiser Konstantyn, die son aanbid het. Die gewilde winterfees van die Saturnalia – 'n tyd van dobbel, vrolikheid en sosiale omruiling van rolle – is na “Kersfees” verander en is as Jesus se verjaardag gevier, ondanks die totale gebrek aan Bybelse ondersteuning vir die groot afdwaling van die oorspronklike Christelike praktyk wat die fees verteenwoordig het. (Sien Gerald E. Weston se artikel “Kersfees – maak dit saak?” elders in hierdie uitgawe.) Die heidense vrugbaarheidsfeeste in die lente met eiers, konyne en seksueelgeoriënteerde aktiwiteite ter ere van Aphrodite en Ishtar (“die koningin van die hemel”), was aangeneem deur toenemend afvallige leiers en hulle het dit “Paasfees” [*Easter*] genoem onder die dekmantel van die herdenking van Jesus se opstanding – selfs al word hierdie praktyke deur die Skrif veroordeel (sien byvoorbeeld Jeremia 7:18; 44:18-23; Eségiël 8:15-18). Dit behoort ons nie te verbaas dat sommige Christene hulle geloof begin bevraagteken

wanneer hulle na die oorsprong van hierdie belangrike vakansiedae kyk nie.

Die geskiedkundige bewyse is onbetwisbaar: Belydende Christene wat beweer dat hulle die leerstellings van Jesus volg, het baie idees en gebruike by die heidense wêreld *geleen* en dit is iets waarteen die Bybel duidelik waarsku (Deuteronómium 12:29-32; 16:21-22; 18:9-12). Die geskiedkundige Will Durant het gesê: “Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem ... [Die] Griekse geheimenisse is oorge- dra in die indrukwekkende verborgenheid van die Mis ... Uit Egipte het die idees van 'n goddelike drie-eenheid gekom ... die aanbidding van die Moeder en Kind ... Vanuit Frigië het die aanbidding van die Groot Moeder gekom ... die Christendom was die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld” (*Caesar and Christ*, bl. 595). Ander geskiedskrywers het gedokumenteer dat baie onskriftuurlike praktyke van die moderne hoofstroom-Christendom – kruise, Christusbeelde, kerktorings, heiligdomme, priesterlike klede, aandenkings, Sondagaanbidding en selfs die titel *Pontifex Maximus* – is “direk uit die heidense kultuur in die na-Apostoliese periode oorge- neem” (Frank Viola en George Barna, *Pagan Christianity?*, bl. 6).

Alhoewel baie mense aanvaar dat die Protestantse Hervorming van die 1500's, ware Bybelse Christelikheid heringestel het, is dit *eenvoudig nie waar nie*. Alhoewel sommige nie-Bybelse praktyke soos aflate, belydenis aan 'n priester, gebede tot heiliges, rosekranse, die idees van die vagevuur en transsubstansiasie asook die rol van die pous afgeskaf of afgewater is, is baie ander

leerstellings van heidense oorsprong behou. Alhoewel die Hervorming die Protestantisme afgesny het van die kerklike beheer van die Roomse kerk oor leerstelling en praktyk, het die nuwe klem op godsdiensvryheid “die deure oopgemaak vir groter verdeeldheid asook tot ongelowigheid” (Harold Lindsell, *The New Paganism*, bl. 42). Die *godsdienslose* vrugte van die Hervorming het in die daaropvolgende eeue na vore gekom.

Neo-heidene van die Verligting

Die Verligting was 'n intellektuele beweging wat in die 1700's in Europa ontstaan het. Dit het 'n *deurslaggewende rol* gespeel in die herlewing van antieke heidense idees wat steeds ons moderne wêreld vorm. Kritiese denkers van die Verligting was gegrief oor die korrupsie, buitensporigheid en onderdrukking van die Roomse kerk en die dryfkrag agter hulle was die winde van verandering wat die Hervorming veroorsaak het. Oor die jare wat gevolg het, het kritici onophoudelike aanvalle op die Christendom, die Bybel en God geloods. Hulle wapens het onder meer die herontdekking en die popularisering van heidense Grieks-Romeinse geskifte ingesluit, asook die wanbegrip, wanvertolking en misbruik van ontdekkings in die natuurlike wêreld.

Net soos hulle antieke heidense voorgangers, het die “neo-heidene” van die Verligting op die natuurlike wêreld gefokus en het hulle die idee verwerp van een bonatuurlike God wat in menslike aangeleenthede ingryp. Bekoor deur die menslike rede het hulle die idee bespot dat die Bybel 'n Goddelik geïnspireerde boek is wat akkurate geskiedenis en universeel toepaslike morele

wette bevat. Die opkoms van die sogenaamde “hoër kritiek” in die Westerse akademiese wêreld het bewerings gegeneer dat baie boeke in die Bybel vals is, dat wonderwerke onmoontlik is, dat Jesus nie die Goddelike Seun van God is nie, net 'n reisiger wat in Palestina gepreek het en dat Sy opstanding toneelspel, vindingrykheid of verbeelding is.

Hierdie anti-Christelike perspektief is aangehelp deur wetenskaplike ontdekkings en teorieë wat gelyk het of dit in stryd was met 'n godsdienstige wêreldbeskouing – gedeeltelik as gevolg van ongegronde (en onbybelse) bygelowe wat met die “Christendom” geassosieer was. Copernicus het toe alreeds bewys dat die aarde rondom die son wentel en nie andersom nie. Mediese vooruitgang het getoon dat siektes nie altyd deur vloeke van God veroorsaak word nie, maar deur kieme en ook voorkombaar is deur middel van nuwe mediese gebruike. Hierdie en ander ontdekkings het almal op die gebied van die natuurlike wêreld voorgekom. Die heidense filosofie het hierop gefokus en as gevolg hiervan het dit vir sommige mense gelyk asof God en die Bybel onnodige produkte van menslike verbeelding is. Midde in 'n atmosfeer van gretigheid om die bonatuurlike te verwerp, het Charles Darwin se evolusieteorie wat beweer het dat die lewende wêreld verklaar kan word sonder om 'n mens op 'n Skepper te beroep, 'n bereidwillige gehoor gevind.

Sulke kulturele veranderings tydens en na die Verligting het 'n baie *betekenisvolle verskuiwing* in die wêreldbeskouing van Westerse nasies tot gevolg gehad, wat op 'n Judeo-Christelike grondslag vir die grootste deel van 'n millennium gefunksioneer het. As gevolg van die gees van die

heersende tyd is *aanvaar* dat die menslike rede Bybelse openbaring as 'n riglyn vir die waarheid sou kon vervang, dat die wetenskaplike metode meer betroubaar as die Skrif was en dat 'n *wêreldse* lewensbenadering tot geluk en 'n beter wêreld sou lei. Hierdie anti-Christelike idees was geskenke van die Verligting wat ons universiteite binnegedring het en die gekwelde wêreld waarin ons leef, gevorm het terwyl die heidendom teruggekeer het namate die Bybelse Godsdienst begin kwyn het. Soos die geskiedskrywer Peter Gay van die Yale-universiteit egter opgemerk het, was die kritici, skeptici en hervormers van die Verligting “moderne heden-daagse heidene” wie se heidense denke “teen hulle Christelike erfenis gerig was” in 'n poging om 'n wêreld vry van morele beperkings te skep (*The Enlightenment: The Rise of Modern Paganism*, bl. xi, 8).

'n Gevaarlike pad vorentoe

Dit is nodig dat ons 'n aantal belangrike vrae vra. Wat is die *werklike betekenis* van die moderne herlewing van antieke heidense idees en tradisies? Wat is die *dryfkrag* in hierdie geskiedkundige verskuiwing? *Waarom* gebeur dit *vandag* in die Westerse wêreld? *Waarheen* lei dit?

In die afgelope dekades het verskeie waarnemers besef dat ons besig is om terug te val in 'n toestand wat gelyksoortig is aan 'n voor-Christelike verlede. Die geskiedskrywer Jacques Barzun het opgemerk dat gedurende die afgelope 500 jaar, “die Weste aan die wêreld 'n stel idees en instellings gebied het wat nie vroeër of elders gevind word nie” en dat wêreldse idees en praktyke, wat hoofsaaklik uit die Verligtingstydperk spruit, “besig is om sy

eie ondergang te bewerk” (*From Dawn to Decadence*, bl. xv). Die Britse joernalis Ferdinand Mount, het waargeneem dat “die samelewing wat nou te voorskyn kom 'n verstommende – amper onheilspellende ooreenkoms – toon met die wyse waarvolgens die Grieke en Romeine geleef het”, met die klem op fisiese plesier, sinnelose geweld, onbeperkte seksuele vryhede, veelvuldige gode en geen skuldgevoel nie (*Full Circle*, bl. 1). Alhoewel sommige mense weerstand teen hierdie “progressiewe” veranderings gebied het, het ons wêreldse Westerse samelewings as 'n geheel voortgegaan om Bybelse waardes oorboord te gooi en geheel en al heidense veranderings aan te neem – duidelik op 'n gevaarlike pad.

Byna 80 jaar gelede het die maatskaplike kritikus T.S. Eliot, opgemerk dat die toekoms van die Westerse samelewings bepaal sou word deur 'n wedywering tussen die Christendom en wat hy “moderne heidendom” genoem het (*Pagans & Christians in the City*, bl. 8). 'n Geslag later het die teoloog Carl F.H. Henry gewaarsku dat neo-heidene dreig om “die grondslag van die Westerse beskawing te ondermyn” en dat die resultaat van hulle idees reeds sigbaar was naamlik “morele en intellektuele verval wat slegs vergelyk kan word deur Pompeii en Sodom” (*The Twilight of a Great Civilization*, bl. ix). Verskeie geleerdes erken vandag dat daar 'n kragtige *godsdienstige* element in die “kultuuroorlog” is wat in die Westerse beskawing gevoer word namate hoofsaaklik heidense en goddelose idees in botsing kom met Judeo-Christelike waardes en Bybelse konsepte.

Die Bybel openbaar dat die “god van hierdie wêreld” (2

Korinthiërs 4:3-4) Satan die duiwel is – die meeste hedendaagse heidene glo nie eers dat hierdie wese bestaan nie. Dit is nie verbasend nie, want die Skrif openbaar ook dat Satan “die hele wêreld” mislei het (Openbaring 12:9). Hy is die demoniese “outeur” van die geestelike verwarring en vleeslike gesindhede wat die dryfkrag agter die terugkeer van die heidendom is en die Bybelsgebaseerde beginsels van die Westerse beskawing laat verbrokkel. Die kreatiewe vernietigende leiers van die Verligting en hulle moderne volgelingen is Satan se onbewuste medeplygtiges (sien 2 Korinthiërs 11:3-4, 13-15).

Min mense besef dat die dramatiese kulturele verskuiwing wat ons tans waarneem, in werklikheid ongeveer 3,000 jaar gelede in die Bybel voorspel is. Die opkoms van die Westerse beskawing was nie 'n ongeluk nie. God het lank gelede Sy Wette, Godsdiens en lewenswyse aan die antieke Israeliete geopenbaar (Exodus 20), sodat hulle 'n lig en voorbeeld vir die wêreld kon wees (Deuteronomium 4:6-8). Die Israeliete het 'n verbond met God gesluit wat seëninge vir gehoorsaamheid en ernstige gevolge vir ongehoorsaamheid ingehou het (Levitikus 26; Deuteronomium 28) – gevolge wat sou insluit dat

hulle in ballingskap weggevoer sou word indien hulle hul van Hom sou distansieer. Na hulle Assiriese ballingskap, het die noordelike Israelitiese stamme na Noordwes-Europa en Amerika geëmigreer, waar God se beloftes aan Abraham en sy nageslag vervul is met die opkoms van verskeie Westerse nasies (sien Génesis 12:1-3 en ons gratis hulpbron *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?* Satan se huidige aktiwiteite is veral gemik op hierdie moderne Israelitiese nasies.

Moses het talle hard en duidelike waarskuwings aan die antieke Israeliete gerig oor wat die gevolge sou wees indien hulle God vergeet en hulle tot ander gode sou wend (Deuteronomium 6:14; 7:16; 8:18-19; 12:29-32) en 'n *ontnugterende profesie* aangeteken oor wat met die moderne Israelitiese nasies sou gebeur wanneer hulle die laaste dae van hierdie tydperk nader. Hy was geïnspireer om te waarsku, “Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg” (Deuteronomium 31:29). Jeremia het ook

gewaarsku dat daar “'n tyd van benoudheid vir Jakob” wat oor Jakob se nageslag – die hedendaagse Israelitiese nasies – “aan die einde van die dae” sou kom as gevolg van hulle gretigheid om idees en gedrag te aanvaar wat deur God veroordeel word (Jeremia 30:1-25). Met die herlewing van openlike en onverbloemde heidensheid in baie Westerse lande, is hierdie antieke profesie vandag besig om bewaarheid te word.

Wanneer 'n mens sien hoe anti-Christelike idees en praktyke vandag in die Westerse wêreld versprei, lyk dit asof baie mense *nie die lesse uit die geskiedenis geleer het* nie. Ons is besig om die foute van die antieke Israeliete te *herhaal*, ondanks die voorbeelde wat God vir ons in die Bybel laat aanteken het vir die “eindes van die eeue” (1 Korinthiërs 10:1-11). Alhoewel ons moderne nasies hulle waarskynlik nie sal bekeer van hulle afvalligheid van God nie, *kan u uit hierdie voorbeelde leer* en die komende gevolge vermy, indien u die idees en praktyke wat gewortel is in die moderne terugkeer van die heidendom uitken en vermy en begin om opreg te soek na die God en lewenswyse wat aangebied word in die bladsye van die Skrif. **WVW**

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

Lees dit vir wat dit werklik sê

Deur Roger Meyer

Lees ons wat die Bybel sê of wat ons dink dit sê?

Mense lees voortdurend dinge verkeerd. Die aanwysings sê: “Doen *dit*”, maar mense lees, “doen *dat*”, omdat hulle ingedagte is, hulle aan iets anders dink of hulle lees eenvoudig die instruksies soos wat hulle dink dit sê in plaas van wat dit regtig sê.

'n Vriend van my het eenmaal gedink dat hy 'n prys van duisende dollars gewen het. Hy het 'n lotery kennisgewing in die pos gekry en was opgewonde oor die moontlikheid dat hy gewen het maar ek het my skeptisisme uitgespreek – ek het soortgelyke kompetisie-kennisgewings gesien wat 'n mens laat *dink* hy het gewen terwyl dit nie die geval is nie. Hy het gevra dat ek dit self moet kom lees. Ek het vinnig die kennisgewing gelees en dit daarna hardop vir my vriend gelees en die sleutelsinne noukeurig beklemtoon. Hy het toe verstaan dat hy dit verkeerd gelees het. Ter verdediging van my vriend moet ek sê dat dit swak geskryf was – miskien doelbewus om die leser te mislei.

Mense lees ook die Bybel verkeerd. Die diepgewortelde oortuigings vertroebel 'n mens se vermoë om te lees wat 'n Skrifgedeelte werklik sê. So baie vooropgestelde idees kan 'n persoon se gedagtes vertroebel. Ons kan ons eie idees in die Woord van God “inlees” maar die Skrif moet sorgvuldig en objektief gelees word om uit te vind wat God *werklik* sê.

Die Bybel sê byvoorbeeld doodeenvoudig dat die dooies uit die dood opgewek sal word (byvoorbeeld Lukas 20:35). Min mense sal stry oor die idee van 'n opstanding van die regverdiges,

maar sommige van hulle sal redekawel oor *wanneer* dit sal plaasvind. Die meeste mense wat hulleself Christene noem, glo dat mense onmiddellik hemel of hel toe gaan wanneer hulle sterf. Die Bybel maak dit egter baie duidelik dat geen opstanding uit die dood vóór Christus se Wederkoms plaasvind nie.

Paulus stel dit baie duidelik in sy eerste brief aan die Thessalonicense: “Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan” (1 Thessalonicense 4:15-16).

Jesus het gesê: “En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Johannes 6:39-40). “Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (vers 54).

Johannes 11 sê aan ons dat toe Lasarus gesterf het, Jesus gekom het om hom weer na 'n fisiese lewe op te wek. Jesus het aan Martha gesê: “Jou broer sal opstaan. Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag”


(verse 23-24). Martha het geweet wanneer die opstanding sal plaasvind.

Christus het ook gesê: “En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle” (Johannes 14:3-4). Wanneer? Wanneer Hy weer kom! “Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word” (1 Korinthiërs 15:51-52).

Wees ontvanklik om iets nuuts te leer

Om God se Woord te lees deur die lens van ons vooropgestelde opvattinge, is werklik 'n hindernis om selfs agter te kom dat ons verkeerd is. Dit is immers moeilik om iets nuuts te leer wanneer ons ten volle oortuig is dat ons reeds die antwoord ken!

Indien ons egter dit wat ons dink ons weet opsy kan sit, sal ons verbaas wees oor die waarhede wat al die tyd voor die hand liggend was maar wat ons net nie raakgesien het nie.

Dit is waarlik verstommend wat ons kan leer as ons die Bybel eenvoudig lees soos wat dit sê. Om meer te wete te kom oor wat dit regtig sê, vra vir 'n gratis eksemplaar van, *Wat Gebeur Wanneer U Sterf (What Happens When You Die?)*, of laai dit af van *Tomorrows World.org*. 

Kersfees – maak dit saak?

Deur Gerald Weston

Dit mag dalk 'n uiters gewilde vakansiedag wees, maar dit gaan gepaard met 'n geweldige klomp bagasie. Behoort ons bekommerd te wees?

Miljoene mense regoor die wêreld beskou Kersfees as die hoogtepunt van die jaar. Daar is geen vakansie in die belydende Christelike wêreld wat met meer tyd, geld en energie gevier word nie. Ontelbare kleinhandelaars beplan die hele jaar deur vir die kerstyd, want die verbruikersbesteding van Desember is vir hulle “maak of breek”.

Kersfees word wyd gevier, selfs in Japan waar die meeste mense hulleself as Boeddhiste of Sjintoïste beskou. Afhangend van die bron, bely miskien selfs minder as *een persent* van Japan se bevolking Christelikheid, maar tog is verligte bome en Kersvader daar baie gewild. “Oukersaand word as 'n romantiese tyd beskou waarin paartjies tyd saam spandeer en geskenke uitruil ... Jong paartjies hou daarvan om te gaan stap om na die kersliggies te kyk en 'n romantiese maaltyd in 'n restaurant te geniet. Dit kan baie moeilik wees om 'n tafel vir Oukersaand in 'n restaurant bespreek te kry aangesien dit so gewild is!” (*Christmas in Japan,* WhyChristmas.com, 2019).

Baie mense sal verbaas wees om te hoor dat die viering van Kersfees ook in China, 'n amptelik ateïstiese volk, toeneem. Alhoewel dit nie 'n amptelike vakansiedag is nie – winkels sluit nie vir die viering daarvan nie – word tradisies aangaande Kersfees al hoe opvallender.

Vanaf einde November is baie afdelingswinkels

versier met kersfeesbome, flikkerende liggies en kersversierings. Winkelsentrums, banke en restaurante het dikwels kersuitstallings, kersbome en liggies. Groot winkelsentrums help om Kersfees in China in te lui met seremonies om kersboomliggies aan te skakel. Winkelkerke dra dikwels kersvaderhoede en groen en rooi bykomstighede. Dit is nie ongewoon om nog tot die middel van Februarie oral kersversierings te sien en selfs in Julie kersmusiek in kafees te hoor nie (*Is Christmas Celebrated in China?,* ThoughtCo.com, 16 Augustus 2019).

Waarom het Kersfees so 'n houvas op die wêreld? Waar kom die tradisies en gebruike daarvan vandaan? Kan Jesus met Kersvader, versierde bome, kantoortjies en verbruikersbesteding meeding? Behoort ons “Christus terug te plaas in Kersfees” soos wat baie mense sê?

Die “outydse Kersfees”-mite

Al hoe meer mense in die Westerse wêreld begin dit bevraagteken of die jaareindfunksies selfs Kersfees genoem moet word. Hofuitsprake het beslissings gelewer teen die uitbeelding van die kersverhaal op openbare eiendom. Daar

word na kersbome verwys as “vakansiebome” om niemand te beledig wat nie die godsdienstige aspekte van die seisoen onderskryf nie. Waarheen is al hierdie dinge dus op pad?

Daar is by baie mense 'n begeerte om “Christus terug te plaas in Kersfees” om die kommersialisering daarvan te ontmoedig en terug te keer na 'n outydse Kersfees. Wat hulle nie besef nie, is dat die idee van 'n outydse Kersfees 'n romantiese uitvinding van onlangse geslagte is. Die feesvierings het op dramatiese wyse gedurende die negentiende en twintigste eeu ontwikkel. Die manier waarop ons nou aan Kersfees dink, verskil radikaal van vroeëre geslagte.

Die skrywer Bruce Forbes skryf dat hy baie van Kersfees hou en dat hy die geskiedenis daarvan ondersoek het. Soos hy in sy boek, *Christmas: A Candid History*, bespreek, het hy 'n aantal verrassings teëgekomen. Hier is in sy eie woorde, 'n klein aantal voorbeelde van onverwagte feite wat hy ontdek het:

In die eerste twee of drie eeue n.C. het die vroeë Christene nie Kersfees gevier nie.

Puriteine in Engeland en in Nieu-Engeland het Kersfeesvierings onwettig verklaar.

Die Amerikaanse Kongres het tot in die 1850's gereeld op Kersdag vergader.

President Franklin Roosevelt het die datum van *Thanksgiving* verander om die seisoen vir kersinkopies te verleng.

Baie van wat ons as 'n outydse Kersfees beskou, is die resultaat van meer onlangse kulturele invloede, soos die Norman Rockwell-skilderye, Irving Berlin se "*White Christmas*" en pogings deur afdelingswinkels om hierdie vakansiedag te benut vir finansiële gewin. Laat ons nie die agtjarige Virginia O'Hanlon se vraag, "Is daar 'n regte Kersvader?" vergeet nie en wat die beroemde *Sun*-reaksie van 1897 se mees herdrukke koerant se hoofartikel in die Engelse taal was en deel van die Kersfees volksoorlewing geword het.

Soos Phillip Snyder in *December 25th: The Joys of Christmas Past* geskryf het, "Die Kersfees wat Amerikaners vandag vier, is grotendeels 'n skepping uit die laat negentiende eeu: 'n Mengelmoes van Ou-Wêreldse geskiedenis en tradisies wat vermeng en verander word deur 'n opkomende Amerikaanse kultuur" (bl. xiii).

Plaas Christus terug in Kersfees?

Tye is egter besig om te verander. Volgens 'n 2018 *Pew Navorsings*-opname is selfs belydende Christene minder geneig om vas te klou aan tradisionele Christelike verwagtings wat betref die vakansie ("*5 facts about Christmas in America*," *Pew Research Centre*, 18 Desember 2017). Ons hoor egter nog steeds die uitroep van: "Plaas Christus terug in Kersfees!" Daar is egter 'n probleem hiermee en 'n kort geskiedenisles verduidelik dit.

Feitlik alles omtrent Kersfees, vanaf die datum tot die

gebruike daar rondom, kom van voor- en na-Christelike heidense vierings – behalwe vir die kommersialisering wat in relatief onlangse tye bygevoeg is. Die enigste greintjie waarheid in die verband is dat Jesus werklik is, wél gebore is en gebore is om 'n Koning te wees. Kersfees verwar egter selfs die feit dat Hy gebore is om 'n Koning te wees, saam met die hele geboorte-verhaal.

In 'n doolhof van verwarring

Waarskynlik is die grootste simbool van Kersfees in baie wêrelddele 'n boom wat met klatergoud, tierlantyntjies en liggies versier is. Wat het dit egter met die geboorte van Christus te doen? Die skrywer Barbara Segall verduidelik die oorsprong van die verering van hierdie boom:

[Die kersboom] het ons huise binnegedring ... die fabels van die verlede, vermeng met Victoriaanse kersfees-tradisies en gebruike, is vir daaropvolgende geslagte in die moderne wêreld saamgebring ... Deur al die veranderende seisoene staan die immergroen boom oral trots, ook in Noord-Europa en Noord-Amerika, om in die middel van die winter, soos dit vir ons voor-Christelike voorouers gedoen het, moed en hoop te gee en geloof in 'n warmte ná die seisoen ... (*The Christmas Tree*, bl. 6-7).

'n Mens kan tallose bronne vind wat die heidense voor-Christelike verlede rondom "die rede vir die seisoen" kan bewys, maar nie almal is bekend met die teenstrydighede tussen tradisie

en die Bybelse weergawe van Jesus se geboorte nie. Een voorbeeld is dat byna almal wat iets van die godsdienstige kant van die kersfeesviering weet, glo dat die drie wyse manne uit die Ooste opgedaag het die aand toe Jesus gebore is om aan Hom "verjaarsdaggeskenke" te gee. Hierdie begrip is heeltemal verkeerd volgens die opgetekende verhaal.

Tydens die drie wyse manne se aankoms was Jesus nie 'n pasgebore baba nie. Daar word nie na hom as 'n *baba* verwys nie, maar as 'n *jong kind* – ongetwyfeld 'n baie jong kind, maar daar is 'n duidelike onderskeid tussen 'n baba en 'n jong kind in die Griekse taal, net soos in Engels. Wanneer die wyse manne opgedaag het, was Hy nie in 'n stal nie, maar in 'n huis. "En hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gevind en neergeval en Hom hulde bewys. Daarop maak hulle hul skatte oop en bring vir Hom geskenke: goud en wierook en mirre" (Matthéüs 2:11).

Ons weet dat dit ten minste 40 dae ná Sy geboorte plaasgevind het, want Jesus is voor hulle besoek in die tempel voorgestel (vergelyk Lukas 2:21-24; Levítikus 12:2-6; Matthéüs 2:11-14). Dit is die vroegste wat die besoek sou kon plaasvind, maar dit het waarskynlik weke of maande later gebeur, aangesien ons sien dat "Toe Herodes sien dat hy deur die wyse manne mislei was, het hy baie woedend geword en gestuur en in Betlehem en in al die omstreke daarvan al die seuntjies van twee jaar en daaronder laat ombring, ooreenkomstig die tyd wat hy van die wyse manne uitgevra het" (Matthéüs 2:16). Daar is nogal 'n verskil tussen 'n pasgebore baba en 'n tweejarige kind!

Tradisies teenoor werklikheid

Die verskille tussen tradisies en feite is belangrik. Jesus het om verskillende redes in die vlees gekom. Een rede was sekerlik om die boete vir ons sondes te betaal, maar 'n ander rede was om die grondslag te lê vir Sy terugkeer as Koning van konings en Here van die here om 'n wêreld vol beroeringe te red. Hierdie wyse manne het geskenke gebring, nie om Jesus se geboorte te vier nie, maar om met behoorlike respek in die teenwoordigheid van 'n koning te verskyn – iets wat dikwels verlore gaan in die besonderhede van die “kersverhaal”.

Alhoewel dit streng gesproke nie 'n kers-komposisie is nie, word Händel se *Messiah* gedurende die kerstyd oor die wêreld heen gesing. Die immer gewilde “Halleluja Koor” bevat die woorde van Openbaring 11:15 en 19:16: “Hy sal vir ewig en altyd regeer, Koning van die konings en Here van die here.”

Die woorde mag wel daar wees, maar begrip daarvan ontbreek. Min mense besef dat Hy weer sal kom, nie as 'n Lam om geslag te word nie, maar as 'n triomfantelike Koning om die mensdom van volkome vernietiging te red. Jesus is ons Verlosser op meer as een manier.

Sagaría 14 begin met 'n aankondiging: “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE” en verduidelik dat wanneer die Messias kom, sal die Olyfberg, net oos van Jerusalem, middeldeur gesplyt word, “tot 'n baie groot dal [vallei]” waardeur 'n rivier vanaf Jerusalem oos en wes sal vloei. Dit skyn 'n letterlike fontein te wees waaruit twee riviere sal vloei, maar dit simboliseer ook die genesende Gees van God. Voordat daardie genesende waters sal vloei, sal Jesus egter teen die nasies veg wat teen Jerusalem en teen Sy heer-

skappy as “Koning oor die hele aarde” opgetrek het (Sagaría 14:1-9; vergelyk. Openbaring 14:15-18).

Hierdie is nie 'n boodskap oor 'n hulpelose babatjie nie! Die Ware verhaal van Sy geboorte en die redes waarom Hy gekom het, word verdoesel deur heidense tradisies en 'n verdraaide vertelling van die Bybelse verhaal. Tog lyk dit asof min mense hierdeur gepla word. Waarom pla dit niemand dat Jesus se geboorte nêrens deur 'n Bybelse persoonlikheid gevier is nie? Twee van die Evangelieskrywers vertel wél van die geboorte van Jesus en die gebeure wat daarop gevolg het, maar *nêrens* is daar 'n jaarlikse viering van Sy geboorte nie.

Indien God wou hê dat ons Jesus se verjaardag vier, waarom is dit dan dat die tyd van die jaar en ook die presiese dag van Sy geboorte nie in die Skrif opgeteken is nie? Selfs die *jaar* van Sy geboorte is omstrede! Die *een ding* waaroor die meeste Bybelgeleerdes saamstem, is dat Hy *nie* op 25 Desember gebore is nie. Dit is omdat Lukas 2:8 ons meedeel dat daar destyds herders in die oop veld gewoon het. Soos wat in volume 5 van Adam Clarke se *Commentary on the Bible* rakende hierdie vers verduidelik word:

Aangesien hierdie herders *nog* nie hulle kuddes huis toe gebring het nie, word die argument aanvaar dat Oktober nog nie begin het nie en dat ons Here gevolglik nie op 25 Desember gebore is toe geen troppe skape in die veld was nie. Dit is ook nie moontlik dat Hy later as September gebore is nie, aangesien die troppe skape *snags* nog

in die veld was. Op grond hiervan behoort *Sy geboorte in Desember* nie aanvaar te word nie. Dat die skaap-kuddes snags in die veld gewei het is 'n *chronologiese feit*, wat aansienlik lig werp op hierdie twispunt (Adam Clarke, bl. 370, klem bygevoeg).

Indien 25 Desember nie die datum van Christus se geboorte is nie, waarom is dit dan die dag wat die Roomse Kerk gekies het vir die viering daarvan? Barbara Segall verduidelik nie net die oorsprong van immergroen bome nie, maar ook hoe die vroeë kerkleiers 'n datum reg in die middel van drie heidense voor-Christelike feeste gekies het:

In die gedagtes van ons heidense voorouers het die meeste plante en diere magiese en mistieke magte gehad en veral daardie immergroen plante wat die aanslag van die winter oorleef het, is spesiaal geag ... Op een stadium was die rede vir vreugde die geboortedag of ontwaking van die songod, na die donkerheid wat die winter-sonstilstand in die middel van Desember voorafgegaan het. Later het ons meer gevestigde voorouers gevind dat dit 'n goeie tyd was om die feesviering van Saturnus, die god van landbou, te geniet in die tweede en derde week van Desember. Omdat Desember na Januarie en ook die ou jaar na die nuwe jaar oorgaan, het antieke Romeine 'n fees

met die naam *Kalends* geniet. Dit was 'n tyd wanneer hulle geskenke of *strenae* vir mekaar gegee het, gewoonlik steekpalm of ander geskenke wat versier was met takkies van immergroen plante ... Die vroeë kerk in Rome het die datum vir Christus se verjaardag in die middel van hierdie heidense feeste vasgestel (Segall, bl. 11-15).

Dit word bevestig deur niemand anders nie as die hoogs gerespekteerde *Erdmans' Handbook to the History of Christianity*:

Die Christelike kerk het baie heidense idees en beelde oorgeneem. Uit sonaanbidding, byvoorbeeld, kom die viering van Christus se geboorte op 25 Desember, die verjaardag van die son. *Saturnalia*, die Romeinse winterfees van 17 tot 21 Desember, het die vrolikheid, die uitdeel van geskenke en kerse voorsien wat kenmerkend van latere kersvakansies was. Sonaanbidding het bly voortbestaan in die Roomse Christendom en in die middel van die vyfde eeu het Pous Leo I, aanbidders bestraf omdat hulle na die son gedraai het om voor die son te buig voordat hulle die basiliek van die St. Peter binnegegaan het. Sommige heidense gebruike wat later verchristelik is, byvoorbeeld die gebruik van kerse, wierook en kerskrans, is aanvanklik deur die

kerk vermy omdat dit die heidendom gesimboliseer het (red. Tim Dowley, bl. 131-32).

Verjaardagvierings was nie 'n gebruik van die vroeë Kerk nie. Die *Encyclopædia Britannica* se Kersfees-artikel verduidelik: "So laat as 245 het Origen in sy agtste preek oor Levitikus, die idee om die verjaardag van Christus te vier 'asof hy 'n koning Farao was', as sondig verwerp. Die eerste bevestigde vermelding van 25 Desember is in 'n Latynse tydhouer van 354 n.C." (vol. 6, 11de uitgawe).

Maak dit saak?

Dat die vierings rondom Kersfees, met inbegrip van die datum, deurweek is met heidense praktyke is onbetwisbaar. Dat die gewilde verwante verhaal met onakkuraathede gevul is, behoort nie 'n twispunt te wees nie, aangesien die noukeurige lees van die verhale in Mattheüs en Lukas dit bewys. Die vraag bly egter: Indien die betrokke praktyke en oortuigings gebruik word om Christus te verheerlik, maak enigiets hiervan regtig saak?

Let op hierdie insiggewende opmerking van die ateïs Tom Flynn in *The Trouble with Christmas* (bl. 68-69):

Selfs toegewyde Christene moet erken – soos hoofstroom en liberale Christelike geestelikes wel doen – dat baie van wat ons as die "verhaal van Kersfees" ken, bloot die resultaat van 'n proses van literêre afleidings is. Die elemente daarvan is geïnspireer deur of net afgelei van legendes van vroeë, heilige "persoonlikhede". Selfs al is

Christelikheid waar, is die verhaal van Kersfees nie die waarheid nie.

Indien die legende van die geboorteverhaal mettertyd uitgebrei het, op 'n manier wat geen verband hou met die lewe van die historiese Jesus nie, sou ons verwag dat die eerste Christene nie die fees van die geboorte sou onderhou nie. Inderdaad het hulle dit ook nie gedoen nie, soos selfs die konserwatiewe godsdiensskrywer George W. Cornell erken:

Christene het vir meer as 300 jaar na Jesus se tyd nié Sy geboorte gevier nie. Die viering daarvan het in die vierde eeu in Rome begin en was beplan om saam te val met 'n heidense fees in die middel van die winter, ter ere van die heidense gode Mithra en Saturnus. Die datum in Desember is eenvoudig oorgeneem om die herdenking van Jesus se geboorte te vier, aangesien die presiese datum nie bekend is nie. Gevolglik het die samesmelting van die heilige en die goddelose, die viering van die begin af gekenmerk.

Ongeag of enigiets hiervan vir ons belangrik is, hang dit af van 'n deurslaggewende besluit: Behoort ons 'n besluit te neem op grond van menslike emosie en redenasie of behoort ons op die Bybel staat te maak vir 'n antwoord?

Laat ons eerlik wees. Baie van ons emosionele reaksies op elemente van die kerstradisie spruit voort uit diepliggende

herinnerings uit ons kinderdae. Die seisoen prikkel ook ons sintuie: kleurvolle liggies, die reuk van groenigheid, gunsteling feeskos, nostalgiese musiek en die opwinding daarvan om te ontdek wat vir ons in helder-kleurige geskenkpapier wag. Dan het ons Charles Dickens se Kersfees haat-verhaal, “*Bah, humbug!*”, Scrooge. Wie wil met hom oor dieselfde kam geskeer word?

Maak dit nie sin dat indien ons ons Verlosser, Jesus Christus daardeur wil eer, ons wil weet wat Sy gedagtes oor hierdie viering is nie? Sou dit nie sinvol wees om besluite op grond van Sy instruksies te neem nie? 'n Mens sou so dink, maar is dit wat ons doen?

Keer op keer het Jesus diegene uitgedaag wat Hom hulle Here en Meester genoem het, maar verkies het om hulle eie tradisies te volg. “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). “Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas” (Markus 7:6-8). “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is” (Matthéüs 7:21).

'n Waarheid wat selde begryp word

Swyg Jesus oor die onderwerp van Kersfees? Glad nie! Min belydende Christene verstaan wie Jesus voor Sy menslike geboorte was, maar tog sê die Bybel dit duidelik. Paulus het oor Christus geskryf, “want in Hom is

alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, *naamlik* die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode” (Kolossense 1:16-18). Kan enigiets duideliker wees? Alle dinge is deur die Een geskep wat Jesus Christus geword het.

Paulus verduidelik verder wie dit is wat met Israel gewerk het: “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het ... en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus” (1 Korinthiërs 10:1-4; sien ook Efésiërs 3:9 en Hebreërs 1:1-2).

Hierdie eenvoudige waarheid maak duidelik wat andersins 'n teenstrydigheid sou wees. Exodus 24:9-11 sê vir ons: “Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien ... en hulle het God aanskou; daarop het hulle geëet en gedrink.” Ons lees egter: “Niemand het ooit God [die Vader] gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar” (Johannes 1:18).

Dus, wat openbaar die Een wat alle dinge geskep het – die geestelike Rots wie Israel gevolg het en die Een wat deur 74 manne met hulle eie oë op die berg Sinai gesien het – hoe Hy oor hierdie onderwerp dink? Neem eers in oorweging: Nêrens sien ons 'n jaarlikse

viering van Sy geboortedag nie. Verder is die gewilde geboortestorie met foute besaai. Wat meer is, Kersfees is 'n mengsel van teologiese dwaling en heidense gebruike. Lees wat “die rots wat hulle gevolg het” sê oor die ontlening van heidense gebruike en tradisies en om dit in te bring wanneer Hy aanbid word:

“As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelf is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie” (Deuteronomium 12:29-32).

Die Een wat alle dinge geskep het, het die profeet Jeremia ook geïnspireer om die volgende te skryf:

“So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene

Londen Roep

Kan die wêreldwye Web gered word?

Deur John Meakin

Die uitvinding van die Wêreldwye Web het die wêreld verander. Hierdie tegnologiese noodsaaklike produk van die moderne lewe het egter nou 'n donker kant ontbloot en die uitvinder daarvan hoop om dit te red.

Tydens die skouspelagtige openingseremonie van die 2012 Olimpiese Somerspele in Londen het die lawaaierige stadion met afwagting stil geraak toe die ligte verdof is. Die aandag was gou op 'n enkele lessenaar gevestig, waar 'n middeljarige man in 'n wit baadjie op die sleutelbord van 'n rekenaar getik het.

Die woorde “*Hierdie is vir elkeen*” het vinnig in LCD-ligte geflits voor die meer as 60,000 toeskouers wat in die stadion gesit het en terselfdertyd is dit ook uitgesaai na 'n geskatte *een miljard* mense wat oor die hele wêreld daarna gekyk het. Die man by die lessenaar was Tim Berners-Lee, 'n beskeie, stil rekenaar ingenieer. Hy was vereer as die skepper van die Wêreldwye Web wat hy 'n paar jaar vantevore uitgevind het.

“In 2019 het die “Web” 30 jaar oud geword en dit word nou deur die *halfte van die mense op die planeet* gebruik – ongeveer *vier miljard* mense. Dit is 'n platform van dienste en sagteware om van die infrastruktuur wat ons die *Internet* noem, 'n wêreldwye “netwerk van netwerke”, te gebruik. Dit skep 'n soort van verbintenis van inligting en tegnologie wat

eenvoudig en maklik is om te gebruik.

Alles is met mekaar verbind

Berners-Lee se visie en hoe dit ontwikkel het, besorg aan ons 'n boeiende verhaal.

Tim het in Londen grootgeword. Hy was die baie skrandere, weetgierige seun van baie skrandere ouers, wat self pioniers van rekenaars was. Nadat hy 'n eersteklas honneursgraad in fisika aan die Universiteit van Oxford behaal het, het hy 'n loopbaan as rekenaarwetenskaplike en sagteware-ingenieur gevolg.

Berners-Lee het in 1980 etlike maande lank by CERN in Switserland gewerk, die tuiste van Europese deeltjiefisika-navorsing. Hy het daar baie verskillende rekenaars met baie inligting gesien, maar hulle was nie met mekaar of met Internet gekoppel nie – dit het 'n droom geïnspireer wat sy lewe oorheers het: *Veronderstel dat al die rekenaars op so 'n manier aan mekaar verbind sou kon word om 'n ruimte van inligting te skep waartoe elkeen, ongeag waar hulle woon, vryelik en eenvoudig toegang kon verkry, inligting kon byvoeg en dat daar interaksie sou kon plaasvind?*

Die breedte en omvang van sy visie was verbysterend – om *enigiets en alles met alles te verbind*. Sy brein kind, wat ons die “Wêreldwye Web” noem, verteenwoordig die uitvoering van hierdie ontsaglike prestasie.

Berners-Lee, wat in 1984

weer by CERN gewerk het, was *die regte man op die regte plek op die regte tyd*. Nie net kon hy 'n buitengewone droom, droom nie, hy het ook oor die kennis en vaardighede beskik om daardie droom 'n realiteit te maak. In 1990 het hy en sy span die eerste Web-programme geskryf en begin om die reeds bekende akronieme, taal, protokolle en standaarde te skep wat die Wêreldwye Web van vandag definieer.

Berners-Lee kon sy uitvinding gepatenteer het, tantième ontvang en baie ryk geword het. In plaas daarvan het hy seker gemaak dat sy werk vrylik vir die publiek beskikbaar sou wees. Geen enkele persoon of organisasie sou die platform wat die Wêreldwye Web is besit nie, maar dit sou nietemin noukeurige leierskap nodig hê om dit te beheer, te beskerm en te verbeter. Dus het hy in 1994 die *World Wide Web Consortium* (W3C) gestig om hierdie funksie uit te voer.

Groot vordering is gemaak om dit makliker te maak vir mense om met mense te praat. Die grootste ontwikkeling is egter nog aan die gang: Die skep van 'n “*Semantiese Web*” waarin meer geskikte masjiene en sagteware al die data op die Web sal kan ontleed om die betekenis *daarvan te verstaan* – masjiene wat met masjiene praat (sien *Weaving the Web* deur Tim Berners-Lee, hoofstukke 12 en 13).

Begin met die reddingspoging

Ondanks sy ooglopende sukses, presteer “die Web” *nie* soos Berners-Lee dit in gedagte gehad het nie. Te veel mag is in te min organisasies gekonsentreer. Hy het van die begin af besef dat sy uitvinding in die verkeerde hande verkeerd gebruik kon word en selfs misbruik sou kon word. Die versoeking om af te luister, te manipuleer, te spioeneer en na korrupsie te neig, is bloot menslik en die Internet met sy Wêreldwye Web het nou 'n nuwe gevegsveld geword waar elke soort *kuberoorlog* plaasvind.

Berners-Lee het tot die gevolgtrekking gekom dat in plaas daarvan om die mensdom te dien soos hy dit bedoel het, het die Web wat hy geskep het misluk en 'n “grootskaalse ontluikende verskynsel geword wat antimens is” (“*I Was Devastated: Tim Berners-Lee, the Man Who Created the World Wide Web, Has Some Regrets,*” *Vanity Fair*, 1 Julie 2018).

Aan die einde van 2018 het Tim Berners-Lee langverlof van die bestuur van die W3C geneem met die doel om te begin werk aan 'n splinternuwe platform wat hy '*Solid*' noem en waarmee hy hoop om die situasie te red. Die doel is om die manier waarop Webtoepassings werk radikaal te verander ten gunste daarvan om groter beheer vir gebruikers moontlik te maak, dit wil sê om meer *persoonlike privaatheid en beskerming van persoonlike data* te verseker. Volgens Berners-Lee kom daar 'n nuwe, gedentraliseerde Web en is hy haastig om dit te voltooi.

'n Beter visie: Menslike natuur omskep

Tim Berners-Lee se uitvinding van die Wêreldwye Web het 'n groot bydrae gelewer tot die verandering van *hoe hierdie wêreld funksioneer*, maar dit het ook onwetend die “donker kant” van die menslike natuur met sy inherente morele swakhede in staat gestel om homself verder te manifesteer.

Die naakte waarheid is dat geen hoeveelheid vindingryke rekenaarprogrammering die menslike natuur kan verander nie. Goeie uitvindings kan nie boosheid voorkom nie. Wat nodig is, is 'n “*geestelike herontwerp*” van die menslike hart, waar die moeilikheid in werklikheid lê.

Ons by die *Wêreld van Môre* is daartoe verbind om hierdie toekomsvisie te verkondig, wat binnekort 'n werklikheid sal word. 'n Nuwe tydperk is aan die kom, wat werklik sal verander hoe hierdie wêreld funksioneer – vir ewig! Dit mag dalk of mag dalk nie 'n “Internet” of 'n “Wêreldwye Web” hê nie, maar dit sal beslis doen wat nie menslik moontlik is om te doen nie – *om die menslike geneigdheid om kwaad te doen te verander deur 'n nuwe hart te gee aan almal wat gewillig is om een te ontvang* (Eségiël 11:19; 18:31; 36:25-27). Dit hou die heel wonderlikste belofte in vir die bevordering van die ganse mensdom en laat alle menslike uitvindings ver agter, hoe welkom dit ook al mag wees.

Dit sal moontlik gemaak word deur *God se ingryping*, in plaas van *menslike uitvindings!* Ons praat natuurlik van die nuwe tydperk wat ingelui sal word met Jesus Christus se Wederkoms

om God se regverdige Regering op hierdie aarde te vestig (Daniël 2:44-45; 7:27; Openbaring 5:9-10; 11:15). Hierdie nuwe tydperk sal 'n aanvang neem deur met die oorsprong van alle boosheid af te reken (Openbaring 20:10) en voortgaan deur voortdurend aan die mensdom 'n *nuwe natuur* te gee (1 Johannes 3:4-9) – God se heilige, regverdige aard wat slegs moontlik is deur Sy Seun Jesus Christus (2 Petrus 1:2-4).

Wanneer Hy terugkom sal Christus die regte Een wees, op die regte tyd, op die regte plek en met die regte kennis en vaardighede om die hele wêreld vir ewig te verander. Dit is waarvoor Hy bestem is, om as Koning van die konings oor hierdie aarde te heers en Sy heerskappy sal waarlik wonderlik wees: “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vrededors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërs sal dit doen” (Jesaja 9:5-6).

Hierdie merkwaardige toekomsvisie is nie 'n verbeeldingsvlug of buitengewone droom nie, maar 'n kragtige, opwindende werklikheid wat verseker binnekort sal realiseer. Indien u meer wil leer, skryf en versoek of laai ons gratis boekie af: **DIE WÊRELD VAN MÔRE: HOE SAL DIT DAAR UITSIEN?** 

Vrae & Antwoorde

Jesaja en die Opstanding

VRAAG: Dit lyk asof die profeet Jesaja in Jesaja 26:14 aandui dat die dooies nie opgewek sal word nie. Ons weet egter dat Jesus Christus die hoop op 'n opstanding verkondig het. Waarna verwys Jesaja dan?

ANTWOORD: Die Bybel beskryf die opstanding op baie plekke (sien 1 Korinthiërs 15:50-54; 1 Thessalonicense 4:13-17; Johannes 5:28-29; Openbaring 20). Die Skrif verduidelik egter ook dat daar 'n tyd sal kom waarin die onboetvaardige goddelose mense verbrand sal word om nooit weer op te staan nie (Maleági 4:3; Openbaring 21:8; 20:4-15). Daarom, wanneer Jesaja die dooies beskryf wat nie uit die dood opgewek word nie, beskryf hy die toekomstige toestand van die onboetvaardiges, diegene wat hulself nie wou verander nie.

Jesaja het geskryf: “Dooie mense herlewe nie, skimme staan nie op nie; daarom het U hulle besoek en verdag en alle gedagtenis aan hulle laat vergaan” (Jesaja 26:14). Indien ons die konteks van Jesaja se woorde verstaan, sal dit ons help om die identiteit van hierdie onboetvaardige mense te verstaan.

In Jesaja 24:1 sê God: “Kyk, die HERE maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.” Let ook op dat die “bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer” word (vers 6) en 'n hoogtepunt sal bereik wanneer daar 'n groot aardbewing sal wees (verse 19-20). Hier beskryf Jesaja die Dag van die Here – die dag van God se toorn en gramskap wanneer Hy hemel en aarde sal laat sidder en bewe (Jesaja 13:13; Joël 3:16). Dit is dieselfde dag van die Here wat Jesus Christus in Openbaring 16 beskryf, waartydens sewe “skale” van die goddelike oordeel op die mensdom wat hulle nie bekeer nie, uitgestort sal word.

Let verder op die eindtydse konteks van Jesaja se profesie: “En in dié dag sal die HERE besoeking doen oor die leërske van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde; en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil en bewaar

word in 'n kerker” (Jesaja 24:21-22). Kan hierdie “leërske van die hoogte” Satan en sy demone wees wat al die nasies bedrieg en gevange gehou het regdeur die verloop van die mens se geskiedenis? Ja, verseker (sien Jesaja 14:12-17; Openbaring 12:9; 20:1-3)!

Die apostel Paulus identifiseer duidelik die “leërske van die hoogte” en noem hulle die “wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu” en “bose geeste in die lug” (Efésiërs 6:12). Satan en sy demone sal aan die einde van hierdie tyd opgesluit word in “kettings van duisternis” (2 Petrus 2:4). Hulle sal toegesluit word in *Tartarus* ('n Griekse woord wat “plek van inperking” beteken), tot hulle tyd van oordeel (Judas 6, 13). God sal ook “die konings van die aarde” straf (Jesaja 24:21). Dit sal plaasvind wanneer die dier en die valse profeet lewendig in die poel van vuur gewerp word (Openbaring 19:20) en al die ander wat teen Jesus Christus sal veg met Sy Wederkoms, sal gedood en aan die voëls gegee word om verteer te word (Openbaring 19:21).

Finale oordeel

Dit is betekenisvol dat die woord “hulle” in Jesaja 26:14 gebruik word en vers 13 verwys na die “ander here buiten U” wat “oor ons geheers” het. Inderdaad, hierdie eindtydse “heersers” – die dier en valse profeet – sal verbrand word in die poel van vuur wat gereserveer is vir die onboetvaardiges. Jesaja 26:14 sê: “Dooie mense herlewe nie, skimme staan nie op nie”. Die onboetvaardige dier en die valse profeet sal nie weer uit die dood opgewek word nadat hulle in die poel van vuur gewerp is nie; hulle sal vir ewig dood wees.” Dit kan slegs gebeur wanneer die dier en die valse profeet, wat in die poel van vuur verbrand is, vir ewig vernietig is en nooit die opstanding sal ervaar waarna alle ware Christene uitsien nie. **WVMI**

Die werke van Sy hande

Die vindingrykheid van insekte

Deur Wallace G. Smith

Die doodgewone blaarspringer mag dalk nie lyk asof dit 'n ingenieurswonder is nie, maar wanneer ons dit van naderby beskou, word baie verrassings geopenbaar! *Blaarspringers*. U het hulle waarskynlik al gesien terwyl u in die tuin werk of miskien tydens 'n wandeling in 'n park toe u stilgestaan het en mooi gekyk het. Baie insekte val onder hierdie breë kategorie en word so genoem as gevolg van hulle vermoë om van blaar tot blaar te spring terwyl hulle na kos soek en hulle afstand van vyande hou.

Hulle voorkoms kan hulle taamlik alledaags laat lyk – maar net gewone insekte. Baie blaarspringers het egter die belangstelling van wetenskaplikes oor die hele wêreld heen gewek en bewys dat hulle [die insekte] merkwaardige voorbeelde van meganiese ingenieurswese is! Robotikakundiges, meganiese ingenieurs en selfs militêre navorsers het verstommende kenmerke van presisie-ingenieurswese en tegnologiese begrip in blaarspringers raakgesien, asook strukture wat voorheen slegs in menslike ontwerp opgemerk is.

Laat ons 'n oomblik stilstaan om net drie sulke eienskappe van naderby te beskou wat in hierdie insekte se vindingryk-

heid te siene is.

Oorleef opstyg

Dit is 'n opwindende ervaring wanneer ons sien hoe 'n be-mande vuurpyl die lug ingeskiet word, maar dit is beslis nie so opwindend soos om in een te wees nie. Ruimtevaarders word aan verskeie uiterste kragte blootgestel wanneer hulle met hulle reis begin. Die kragtige versnelling van die *V.S Space Shuttle* het 'n krag van 3 Gs veroorsaak – dit wil sê drie keer die krag van die aarde se swaartekrag – wat op die liggame van die ruimtevaarders daarinne uitgeoefen is. Dit beteken dat 'n ruimtevaarder van 77 kilogram in sy stoel sou wegsink asof hy 232 kilogram weeg!

Vlieëners van die gevorderde F-22 vliegtuig kan swaartekrag van tot 9 Gs ondervind – genoeg om dieselfde individu te laat voel asof hy 695 kilogram weeg! Sulke kragte vereis dat die vlieëners gespesialiseerde drukpakke dra wat voorkom dat die bloed uit hulle breine dreineer.

Alhoewel, volgens die *Journal of Experimental Biology* is die krag wat op die liggaam uitgeoefen word tydens die sprong van die groen blaarspringer *Cicadella viridis* meer as 15 Gs – bykans 16 keer die

krag van swaartekrag ("*Bent Legs Beat Breakages During Take-Off*," April 2013). Hierdie prestasie het die aandag getrek van dr. Cesare Stefanini en sy kollegas by die *BioRobotics Institute*. Hulle het gewonder waarom so 'n moordende wegspring nie die insek se bene verbysel of 'n gat in sy beblaarde lanseerblad skop nie.

Hulle het deur middel van hoëspoed-kameras die insekte se lanserings afgeneem en ontdek dat sy liggaamspiere en beensegmente saamwerk in 'n merkwaardig gekoördineerde aksie. Die toraksspiere (die insek se liggaam) genereer die krag wat nodig is vir die lansering en daardie krag word deur die femur en tibia (die twee beensegmente) oorgedra om teen die blaar te druk om so die opstyg te bewerkstellig.

Terwyl die hoogs veranderlike krag wat deur die insek se spiere opgewek word, deur die femur oorgedra word, *swaai en draai* die femur op so 'n manier dat die krag omskep word in een wat egalig en meer bestendig is, sodat die tibia egalig teen die blaar gedruk word en die insek veilig kan opspring vanaf die onbeskadigde blaar. Sonder hierdie subtiele meganiese oordrag en omskakeling – van veranderlike krag tot egalige en konstante krag – sou die skielike

verhoging van spierkrag die insek se bene vernietig of die bene dwarsdeur die blaar onder hulle laat skiet. Nogtans, as gevolg van hierdie “innovasie” wat in plek is, word 'n andersins oorweldigende krag gekanaliseer in 'n grasiëuse en merkwaardige opwaartse lansering.

Tandratte

Nie tevrede om sy mede-blaarspringer die kollig te laat steel nie, het die spesie *Issus coleoptratus* die aandag getrek met sy eie verrassende ontwerp.

Hierdie insek beweeg ook van plek tot plek met kragtige spronge. Trouens hy spring in sy jong nimfstadium tot 100 keer so hoog soos sy eie lengte. (Stel u voor dat 'n kind van 61 cm na die bokant van 'n 20-verdieping gebou kan spring!) Dié prestasie verg merkwaardige koördinasie: Albei bene moet binne 30 mikrosekondes na mekaar opskiet – dit wil sê, binne 'n 30 miljoenste van 'n sekonde. Andersins sou die krag van die sprong hulle links of regs in plaas van vorentoe gelanseer het, wat die verskil kan maak tussen wegspring van 'n vyand af of reguit ná die vyand toe!

Die insek se senuweeselle is nie vinnig genoeg om te verseker dat die bene so presies gesinchroniseer wegspring nie. Hoe kry die jong *Issus coleoptratus* dit dan reg?

Die dierkundige Malcolm Burrows het ontdek dat die insek iets besit wat algemeen in die wêreld van menslike ingenieurswese en ontwerp is, maar wat nog nooit voorheen in biologie

opgemerk is nie – 'n stel ratte met *inmeekaarpasende tande!* Die tande van die ratte forseer elke been om gelyktydig met die teenoorgestelde been te beweeg, wat die gesinchroniseerde werking deur meganiese koördinering waarborg.

Fotos van naby opnames en skandering van elektron mikrograafbeelde lê die ontwerp bloot, wat net soos die soort ratte lyk wat 'n mens sou verwag om in 'n horlosie of 'n ander mensgemaakte meganisme te sien. Vir hierdie ratte kry 'n ander Ontwerper egter al die krediet. Terwyl die uitvinding van die tandratte 'n belangrike stap vorentoe vir die menslike ingenieurswese was, blyk dit dat blaarspringers ons voorgespring het en lank voor ons oor sulke ratte beskik het!

Hoë-tegnologie kamoefling van toerusting

Die metode van voortbeweging is nie die enigste gebied waarin ons buitengewone ontwerp in gewone blaarspringers sien nie. Sommige van die klein kreatuurtjies is ook meesters van hoë-tegnologie kamoefling wat enige weermag in die wêreld hulle sou beny.

Dit is bekend dat baie blaarspringers mikrodeeltjies produseer wat *brochosome* genoem word en wat hulle oor hulle vlerke en eiers versprei. Hierdie deeltjies het 'n ingewikkelde, mikroskopiese struktuur wat hulle *superhidrofobies* maak, wat beteken dat hulle waterbestand is en sodoende die vlerke en eiers van die

blaarspringers droog hou. Ingenieurs van die *Penn State* Universiteit het egter vermoed dat daar 'n addisionele, voorheen onbekende voordeel aan hierdie mikrodeeltjies verbonde is.

Hulle het die ooreenkoms tussen die *brochosome* van die insekte en die sintetiese *mikrosfere* opgemerk wat hulle self in hulle laboratorium ontwerp het. Die mikrosfere van die ingenieurs is oortrek met klein gaatjies wat dieselfde grootte as die golflengte van lig is. Gevolglik kan die materiaal tot 99 persent van die lig “vasvang” en verhoed dat dit van sy oppervlakte af weerkaats.

Die ooreenkoms in die struktuur het die ingenieurs aangespoor om hierdie mikrostrukture onder nagebootste insekvisie te ondersoek. Nadat hulle dit gedoen het, het dit duidelik geword dat die waterbestande *brochosoom*-bedekking ook as 'n hoë-tegnologie “kamoefling” dien, wat die blaarspringers en hulle eiers feitlik onsigbaar vir vyande maak.

Soos dit in *Penn State News* berig word, vereis hulle sintetiese materiaal “'n taamlik ingewikkelde vyf-stap-proses met behulp van elektrochemiese afsetting” (“*Synthetic material acts like an insect cloaking device,*” November 2017). Sonder 'n laboratorium, toerusting of 'n span ingenieurs, verrig blaarspringers nogtans hierdie tegnologiese wonder as roetine om hulleself van 'n verdedigings-tegnologie te voor-

sien wat die mensdom nou eers leer om te vervaardig.

Vindingrykheid word ten toon gestel

Die mensdom is waarlik intelligent en ons ingenieursprestasies is verbasend! Ons vermoë om te ontwerp en nuwig-

hede in te voer, is slegs 'n weerpieëling van die intelligensie van ons eie Ontwerper, wie se ingenieurswonders oral rondom ons gesien kan word, indien ons bereid is om daarna te soek.

Volgende keer as u 'n klein insek sien wat van blaar tot blaar spring, neem tyd om dit te waar-

deer waarna u regtig kyk: 'n Merkwaardige voorbeeld van presisie-ontwerp en ingenieurswese en 'n herinnering daaraan dat die Groot Ingenieur van die lewe nog baie dinge het om aan ons te leer. **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org

Vervolg vanaf bladsy 20 – Kersfees – maak dit saak?

daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie. Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie” (Jeremia 10:2-5).

Vergelyk hierdie besonderhede net met die gebruik om Kersfees 'n boom af te kap, dit met spykers en 'n dwarsstuk vas te slaan (voor moderne maniere om dit in 'n watergevulde houer vas te maak) en dit met silwer en goue voorwerpe te versier. Party

mense neem aan dat dit na 'n gesnede afgod verwys, maar Jeremia spreek daardie probleem later in die hoofstuk aan. Antieke kulture het meestal bome aanbid:

'n Deel van die storie [van die kersboom] het by ons voorouers ontstaan. Immergroen plante soos steekpalms, Ivy klimopplante, lourier en die naaldbome [soos dennebome], wat hulle blink blare of aromatiese naalde deur die lang en koue wintermaande kan behou, is en was 'n bron van verwondering vir ons en ons voor-Christelike voorouers.

In baie antieke mites en legendes is die sentrale krag in 'n heilige boom geleë. Eik, wilgers, essehout en dadelpalms is voorbeelde van die bome

wat gevind word in die Homeriese, Chinese, Skandinawiese en Arabiese mites en legendes (Segall, bll. 6-7).

Word bome deesdae aanbid? Miskien is dit nie soos in vorige geslagte nie, maar hoeveel van ons moderne wêreld sal hierdie jaar 'n lied vir 'n boom sing? “O Christmas tree, O Christmas tree ...”

Maak Kersfees dus saak? Wanneer ons die Skrif eerlik en noukeurig lees, wys dit dat dit wel saak maak, maar nie soos baie mense dink nie. Die meeste mense wil eerder self bepaal wat reg en verkeerd is – in plaas daarvan om te luister na die Een wat hulle beweer hulle dien. Min mense het die moed om Christus eerste in hulle lewens te plaas. Het u, my vriend, daardie soort moed? **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

kantore regoor die wêreld. Ek kan dit persoonlik bevestig, aangesien ek langer as 13 jaar die direkteur van die *Living Church of God* asook die *Tomorrow's World* in Kanada was. So ook 'n paar jaar in die Verenigde Koninkryk, voordat ek oorgeplaas is na ons hoofkantoor hier in Charlotte, Noord-Carolina.

Een van ons – gewoonlik ek – skryf elke maand 'n brief aan al ons lidmate en medewerkers om ons waardering vir hulle ondersteuning uit te spreek en hulle op hoogte te hou rakende Bybelse profesieë en tendense wat in hierdie wêreld plaasvind. Ons gee ook “agter die skerms-inligting” oor nuwe verwikkelings in hierdie werk waartoe hulle bydra.

Die Lewende Kerk van God het meer as 390 gemeentes wat verspreid is oor Noord-, Sentraal- en Suid-Amerika, Australasië, die V.K. en Europa asook Afrika. Ons, saam met medewerkers wat vrywillig gekies het om deel van hierdie Werk te wees, is 'n klein maar toegewyde groep mense wat bereid is om teen die stroom van hierdie wêreld te gaan (Efésiërs 2:1-2) en die Weg van Jesus Christus en eerste-eeuse Christendom te volg. Ons lidmate verwerp tradisies van afgodedienaars en die heidendom wat die moderne Christendom binnegesypel het. Ons onderhou die dae wat God ons beveel om te onderhou en ons volg die ware leerstellings wat in die Bybel voorkom.

Aan die begin van hierdie persoonlike brief het ek na die twee leesstukke verwys wat ons die minste adverteer en wat die minste aangevra word. Weet u wat dit is? Die eerste een is ons boekie *God se mense betaal tiendes!* Ons adverteer dit nie gereeld nie, aangesien ons nie wil hê dat enigiemand moet dink daar skuil iets agter al hierdie gratis materiaal nie. Om enige van ons hulpmiddels te ontvang, is op geen manier afhanklik van skenkings vir hierdie werk nie. Alhoewel hierdie boekie onder ons bronne op die Internet en in Les 16 van ons *Bybel-studiekursus* voorkom, is dit die boekie wat die tweede minste geadverteer en aangevra word. Terwyl ek hier skryf, weet baie min van ons intekenaars selfs daarvan. Sover ek kan onthou,

is dit nog nooit op ons *Tomorrow's World* televisie-uitsendings genoem nie.

Terwyl ons van die Internet praat, ons het 'n skakel op ons webtuiste vir almal wat 'n skenking wil maak. Hierdie is slegs omdat sommige mense dit wil doen en wil weet hoe om dit te doen. Ons moedig dit nie spesifiek aan of plaas dit prominent, soos soveel webtuistes met hulle s'n doen nie. Dit is slegs 'n diens aan diegene wat uit hulle eie wil skenk en daar word geen emosionele versoek aan hulle gerig om dit te doen nie.

Watter hulpmiddel kan dus minder geadverteer word as ons boekie oor die betaling van tiendes? Die een waarvan bykans niemand van ons intekenaars (waarskynlik ook nie al ons lede) weet nie, is ons “*Planned Giving*”-brosjyre. Sommige van ons lede, medewerkers en intekenaars wil ons in hulle testamente insluit of hulle wil ander soorte beplande skenkings maak. Ons stel hierdie inligtingsbron oor boedelbeplanning op versoek beskikbaar om diegene te help wat dit wél wil doen.

Ek verstaan dat ek hier nou die risiko loop om die siniese aard by sommige mense na vore te bring. Hulle sal ongetwyfeld dink dat hierdie 'n oproep vir geld is – en indien hulle dit wel doen, verstaan ek. Ons het egter niks om weg te steek nie en ons kry hierdie drie vrae gereeld. Ek glo dat dit die beste is om openhartig met mense te wees en eenvoudig “te vertel soos dit is.” Die *Wêreld van Môre en Tomorrow's World* tydskrifte word gerugsteun deur *Die Lewende Kerk van God* en ander mense wat tot hierdie Werk wil bydra en ja, al ons materiaal is regtig en waarlik gratis.

Vertrou op God om te voorsien

Nog belangriker, al ons hulpmiddels sal *steeds* gratis gestuur word. Niemand sal u skakel om te vra om geld te stuur of iets te koop nie. Dit is nooit nodig om verplig te voel om tot hierdie werk by te dra nie. Ons is dankbaar vir diegene wat dit wel doen, maar dit is 'n besluit tussen u en u Skepper. Ons sal doen soos ons nog altyd gedoen het – vertrou dat God sal voorsien. Vir ons is die geloof werklik dat God sal voorsien. Hy sorg vir ons en elke uitgawe wat u van die *Wêreld van Môre en*

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

Tomorrow's World tydskrifte ontvang, is tasbare bewys daarvan.

Soms vra ons vir ons intekenaars om hulle gratis intekening te hernu en nié om hulle sover te kry om geld te stuur nie, maar om ons te laat weet of hulle regtig belangstel om verdere uitgawes van die *Wêreld van Môre en Tomorrow's World* tydskrifte te ontvang. Ons glo dat dit 'n manier is om goeie rentmeesters te wees en nie tydskrifte aan individue te stuur wat dit nie meer wil hê nie.

Terwyl ander TV-evangeliste dus hulle ware verkoop met sentimentele musiek, foto's van weeskinders en 'n tranerige beroep vir geld, sal ons dit nooit doen nie. Hierdie tydskrif en al ons hulpmiddels is werklik gratis op aanvraag beskikbaar.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**